



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 - 2018

2020 Jaarverslag van die Verantwoordelikeheidsentrum: Strategie en Internasionalisering

Prof Hester C. Klopper
Universiteit Stellenbosch
September 2020

INHOUD

ERKENNING.....	3
INLEIDING.....	4
TEMA 1: 'N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH	6
Inwerkingstelling van die US se <i>Visie 2040</i> en <i>Strategiese Raamwerk 2019–2024</i>	7
Ontwikkeling van die US se institusionele kultuur op grond van waardes	8
US-gedragskode.....	9
SBA's om kern strategiese temas en doelstellings te kwantifiseer en te monitor.....	9
Universiteit Stellenbosch-telkaart	10
Finansiële instrumentpaneel om finansiële prestasie te monitor en te evalueer	13
Institusionele Beplanningsforum en Uitvoerende Beplanningsforum.....	14
US-handelsmerkposisionering en nuwe visuele identiteit	14
Die US-handelsmerkidentiteit – Waar is ons nou?.....	15
Ontwikkeling van die US se internasionaliseringstrategie	16
Wêrelduniversiteitsranglyste.....	17
Suksesvolle afhandeling van Strategiese Fondsaansoeke.....	18
Webtuisteherontwikkelingsprojek.....	19
Geïntegreerde kommunikasieveldtogte en -projekte.....	20
Interne kommunikasie.....	21
Eksterne kommunikasie.....	21
US-publikasies	22
Sosiale media	22
Bekendstelling van podsendinge.....	23
Institusionele finansiële volhoubaarheid	23
Data- en inligtingsklassifikasieraamwerk.....	23
Voldoening aan wetgewing oor toegang tot inligting en privaatheid.....	24
Inligtingstelsels vir HEMIS en statutêre verslagdoening	24
Opnames oor kindersorg, graduati-bestemmings en nuwelinge.....	24
US-inligtingstelsel vir internasionalisering (INTERINFO)	24
TEMA 2: 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING.....	26
Studentemobiliteitsprofiel vir 2019.....	27
Studentemobiliteitsuitdagings in 2020.....	28
Globale leerintervensies	28
Globale leeraktiwiteite.....	29
TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE.....	31
Bilaterale vennootskappe	32
Die bou van aktiewe samewerking	33

Uitbreiding van die US se Afrika-platform	34
Multilaterale samewerking en netwerke.....	36
Besoeke deur afvaardigings en internasionale belanghebbendes	39
Internasionale konferensies en seminare	40
TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER	42
Gesamentlike skole.....	43
Afrika Doktorale Akademie.....	43
Samewerkende aanlyn internasionale leer	44
TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK	45
ARUA Sentrum van Uitnemendheid in Energie.....	46
Suider-Afrikaanse Netwerk vir Watersentrums van Uitnemendheid	46
Visualisering van navorsingsdata	47
PeriPeri-U	47
TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER	49
Ontleding van resultate van die Welwees, Kultuur en Werksklimaat-opname.....	50
Internasionale mobiliteitsteun vir personeellede.....	50
VERMINDERING VAN DIE IMPAK VAN DIE COVID-19-PANDEMIE.....	55
Aan stuur van ICBC-werkstroom.....	56
Kommunikasie tydens die COVID-19-pandemie	57
Taktiese steun vir COVID-19-verwante prosesse.....	60
Internasionalisering tydens COVID-19.....	60
SLOT.....	63
ADDENDUM	64
TABEL 6: Reisbeurse toegestaan aan US-studente vir internasionale mobiliteit*	64
TABEL 7: Kortprogramme vir inwaartse internasionale studente	64
TABEL 8: Uitwaartse studentemobiliteit volgens fakulteit**	65
TABEL 9: Ooreenkomste wat van 1 Julie 2019 tot 30 Junie 2020 aangegaan of hernu is.....	66
TABEL 10: Versoeke op die agenda van die werkgroep vir vennootskapsontwikkeling	67
TABEL 13: US-projekte wat deel uitmaak van SASUF	68

ERKENNING

Mense maak organisasies suksesvol – die harde werk wat gedoen is om die suksesse van die Verantwoordelikheidsentrum (VS): Strategie en Internasionalisering moontlik te maak, sou nie moontlik gewees het sonder die bydrae van elke personeellid in die afdelings Strategiese Inisiatiewe, Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking, Inligtingsoorsigbestuur en US Internasionaal nie. Ek wil veral graag my waardering uitspreek teenoor die Senior Direkteure van die VS vir hul toewyding en ondersteuning. Hierdie verslag verteenwoordig 'n kollektiewe bydrae van die vier afdelings, en ek wil daarom by name erkenning gee aan die Senior Direkteure vir hul bydraes: prof Ian Cloete (Inligtingsoorsigbestuur), mnr Robert Kotzé (US Internasionaal), dr Barbara Pool (Strategiese Inisiatiewe) en me Susan van der Merwe (Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking).

Daarby, wil ek dankie sê aan my persoonlik assistent, me Hazel Alexander, en die VS-bestuurder en koördineerder van hierdie verslag, dr Wayne Muller.

Laastens, wil ek erkenning gee aan prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, asook my mede-rektoraatslede vir hul ondersteuning.

INLEIDING

Die Verantwoordelikhedsentrum (VS): Strategie en Internasionalisering – wat uit die afdelings Strategiese Inisiatiewe, Inligtingsoorsigbestuur, Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking, en US Internasionaal bestaan – voorsien dienste, ruil kennis uit en gebruik kundige vaardighede wat daarop gerig is om die Universiteit Stellenbosch (US) se *Visie 2040* en die *Strategiese Raamwerk 2019–2024* te ondersteun. Daarom vervul dit 'n kernrol om die US met 'n duidelike strategie op koers te hou, en help om die Universiteit se sistemiese volhoubaarheid, soepelheid, responsiwiteit en relevansie in 'n al hoe groter en immer veranderende wêreldwye kennisekonomie te verseker. Die VS: Strategie en Internasionalisering fokus daarop om waarde toe te voeg en maak 'n allesomvattende impak op die instelling as geheel. Ons volg 'n geïntegreerde benadering tot ons werk om die beste resultate te verkry om sodoende 'n allesomvattende impak te hê. Ons bydrae tot institusionele strategie, inligtingsoorsigbestuur, korporatiewe kommunikasie en bemaking, en internasionalisering verseker 'n florerende toekoms vir die US deur 'n sistemiese volhoubare, langlewende en relevante instelling moontlik te maak. Die waardeproposisie van die VS behels die volgende:


- Beplanning, koördineer, monitering, evaluering en oorsigbestuur van beide strategiebeplanning en -ontwikkeling op 'n geïntegreerde manier deur sleutel- strategiese inisiatiewe en projekte te bestuur, asook die oorsig en bestuur van die Strategiese Fonds wat die Universiteit se visie en strategie ondersteun.
- Lei en bestuur die dataontleding- en bedryfsintelligensie-vermoë van die US deur inligting uit 'n verskeidenheid bronne te integreer en te bestuur om die US se inligtingsbewaarsplekke uit te brei, deur kernagtige inligting te versprei in die vorm van telkaartdata, modellering, scenario-ontwikkeling, bedryfsontledings, digitalisering en prosesherontwerp, en deur organisatoriese ontwikkeling en posisionering te ondersteun, en sodoende te sorg dat die US deurentyd sy strategieë en taktiek op betroubare data grond.
- Ontwerp en implementeer geïntegreerde bemakings- en kommunikasiestategieë en verbandhoudende aksieplanne vir die ontwikkeling en bevordering van 'n sterk openbare beeld, 'n voorkeur-instelling vir voornemende studente, en 'n positiewe reputasie om 'n bevorderlike klimaat vir die skep van 'n florerende US te bewerkstellig.
- Neem leiding in die ontwikkeling, implementering en oorsigbestuur van die institusionele internasionaliseringstrategie, bou en rig internasionale bande, ondersteun belyning regoor die Universiteit en bied internasionaliseringsteun deur die hele instelling.

Hierdie verslag handel oor die tydperk 1 September 2019 tot 28 Augustus 2020 – die eerste verslag wat 'n volle kalenderjaar insluit waarin die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie in hierdie VS in rapporteer. Let wel dat die mees onlangse uitvoerende funksionele belyning in die VS, die skuif van studentewerwing en loopbaanadvies na Korporatiewe Kommunikasie, nie hierby ingesluit is nie. Die verslag is ooreenkomstig die kern strategiese temas van die *Strategiese Raamwerk 2019–2024* gestruktureer: (1) 'n florerende Universiteit Stellenbosch, (2) 'n transformerende studente-ervaring, (3) doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke, (4) genetwerkte en samewerkende onderrig en leer, (5) navorsing vir impak, en (6) voorkeurwerkgewer. Die werk van die VS dra in 'n mindere of meerdere mate tot die doelwitte van elk van hierdie temas by en strek oorkoepelend om al hierdie temas te omvat. 'n Belangrike fokuspunt van hierdie verslag is die VS se vordering met sy oorhoofse prioriteite vir 2020. Dit sluit in fase 2 en 3 van die strategie-implementering en belyning, die versterking van die bedryfsintelligensieplatform en data-analise om alle vlakke van besluitneming te rig, die implementering van die resultate van die US-handelsmerkwaardasie en die gevolglike skep van 'n nuwe visuele identiteit vir die US, en die ontwikkeling en implementering van die US se internasionaliseringstrategie. Dié prioriteite, sowel as ander wat in hierdie verslag bespreek word, het bygedra tot die skep van 'n florerende US (tema 1) en het by die dag 'n al hoe groter impak. Die implementering van *Visie 2040* en die *Strategiese Raamwerk 2019–2024* is uitgebrei om projekte in te sluit vir die vorming van die US se institusionele kultuur en die skryf van 'n US-gedragskode. Die


ontwikkeling van strategiese bestuursaanwysers (SBA's) kwantifiseer en monitor al ses kern strategiese temas deur middel van die US Telkaart (wat 'n model van effektiwiteit is), die US Navorsings-PowerBI-toepassing en die fakulteite-doeltreffendheidsmodel. Die US-webtuisteher-ontwikkelingsprojek, geïntegreerde kommunikasieveldtogte en werk, insluitend bemaking, aan die US se plek op geselekteerde internasionale universiteitsranglyste dra alles tot 'n florerende US by.

Om 'n transformerende studente-ervaring te voorsien (tema 2), het US Internasionaal se rol op die gebied van studentemobiliteit, wêreldwye leerintervensies en -aktiwiteite die instelling se aanbod aan sy studente aansienlik uitgebrei. Hierdie verslag lewer bewys van goeie werk om studente se ervarings verder uit te brei en hulle toe te rus as wêreldburgers wat wêreldkwessies die hoof kan bied. Internasionalisering ondersteun ook doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke (tema 3). In die verslagtydperk is 'n aantal bilaterale ooreenkomste aangegaan, en het aktiewe samewerking ons internasionale teenwoordigheid verder versterk. Dít blyk ook duidelik uit die US se betrokkenheid by multilaterale netwerke en afvaardigingsbesoeke en deelname aan internasionale konferensies en seminare. Die afgelope jaar was daar heelwat ontwikkeling ten opsigte van die US se Afrika-platform en ons vennootskappe met die Venice International University, die Global Alliance of Universities on Climate en die Consortium of Universities for Global Health, wat alles beoog om uitvoering te gee aan die US se visie om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te wees. Wat onderrig en leer (tema 4) betref, het die aanbieding van gesamentlike skole en ander leergeleenthede deur die Afrika Doktorale Akademie studente op verskeie vlakke en in uiteenlopende programme bemagtig. Om tot navorsing vir impak (tema 5) by te dra, gaan die VS voort met werk om 'n interaktiewe visualisering van navorsingsdata te ontwikkel en die Afrika-navorsingsuniversiteitsalliansie (ARUA) se sentrum van uitnemendheid in energie te ondersteun. As voorkeurwerkgewer (tema 6), skep die US ontwikkelingsgeleenthede vir sy personele, onder meer internasionale mobiliteit en toegespitste kapasiteitsbouprogramme. Die US is nie die impak van die COVID-19-pandemie gespaar nie, en hierdie verslag beskryf ook inisiatiewe om die impak daarvan te beperk en bedryfsvoortsetting te verseker.

Die doel van hierdie verslag is om 'n oorsig te bied van hoe die VS: Strategie en Internasionalisering die afgelope jaar waarde toegevoeg het deur sy werk om 'n volhoubare toekoms vir die US te verseker.



FIGUUR 1: Visuele voorstelling van die geïntegreerde waardeproposisie van die VS: Strategie en Internasionalisering en sy vier afdelings.



Kern Strategiese Tema I

'n Florende Universiteit Stellenbosch

Omdat die mandaat van die VS institusioneel-wyd strek en verskeie funksionele areas omvat, val meeste van die werk wat binne die VS: Strategie en Internasionalisering gedoen word binne die bestek van die kern strategiese tema van “ ’n Florerende Universiteit Stellenbosch”, met die breë doel om ’n welvarende en sistemies volhoubare universiteit te skep. Meeste van ons werk behels die implementering van die *Strategiese Raamwerk 2019–2024*. Deur by te dra tot die posisionering van die Universiteit Stellenbosch (US) vir die toekoms, het die VS ’n aantal projekte suksesvol voltooi en aansienlike vordering gemaak in ander. Die visuele uitrol en implementering van die US se *Visie 2040* en die *Strategiese Raamwerk 2019–2024* is die afgelope jaar voortgesit. As deel van die strategieëbelyning is die VS tans besig met die vorming van die US se institusionele kultuur deur *Waardes in Aksie*-werkswinkels, terwyl ons ook begin het met die ontwikkeling van die US Gedragskode. In die implementering van die strategie en om die US se reis na die bereiking van *Visie 2040* te meet, is die ontwikkeling van strategiese bestuursaanwysers (SBA’s) belangrik in die kwantifisering en monitering van die US se kern strategiese temas en hul verwante doelstellings, tesame met die ontwikkeling van die US Telkaart. Hiermee saam doen ons ook in hierdie afdeling verslag oor ander aspekte – die handelsmerkprojek, internasionaliseringstrategie en die projek vir die herontwikkeling van ons webtuiste – wat die US ondersteun in die bereiking van die doelwitte wat gestel word vir ons strewe om ’n florerende universiteit te wees.

Inwerkingstelling van die US se *Visie 2040* en *Strategiese Raamwerk 2019–2024*


Nadat die US se *Visie 2040* en *Strategiese Raamwerk 2019–2024* in 2018 goedgekeur is, het die implementering van fase 2 (integrasie) en fase 3 (belyning) in 2019 en 2020 gevolg. Hierdie fases het ’n kommunikasieplan ingesluit wat deur die afdelings Strategiese Inisiatiewe en Korporatiewe Kommunikasie opgestel en gekoördineer is. Boonop is kernboodskappe deur alle US-media oorgedra, waaronder korporatiewe nuusbriewe en op die Universiteit se webtuiste.

’n Visuele inwerkingstelling is aangevoer om elemente van *Visie 2040* en die ses kern strategiese temas geleidelik by openbare ruimtes en vergaderlokale op alle US-kampusse in te sluit, sowel as deur ’n elektroniese gereedskapstel. In die proef- en toetsfase van die visuele inwerkingstelling is installasies in die komiteekamer en raadsaal in die Admin B-gebou, in die oop spasies in die Admin A-gebou en op die hyserdeure in die Admin C-gebou aangebring. Na gelang dáárvan kon die geskikste materiale en ontwerpe sowel as die impak op personeellede en studente bepaal word. Die elektroniese gereedskapstel is ook voltooi en op die US-webtuiste beskikbaar gestel, en sal voortdurend bygewerk word namate nuwe elemente beskikbaar kom.

Die tweede fase van die visuele inwerkingstelling van die US se *Visie 2040* en *Strategiese Raamwerk 2019–2024* het in die afgelope verslagtydperk begin, met die klem op fakulteite, professionele administratiewe steundienste- (PASD-)omgewings, studenteruimtes en ander institusionele ruimtes of kontakpunte. Die plan is om in elke omgewing ten minste een installasie in ’n sentrale vergaderlokaal en een in ’n openbare ruimte te voorsien. Terreinbesoeke word in oorleg met die onderskeie afdelings afgelê om die beste installasieplek, -grootte en -tipe te bepaal.

Om belyning op ’n institusionele vlak te verseker word elke installasie ooreenkomstig ’n voorafgoedgekeurde ontwerpraamwerk pasgemaak. Ingeval omgewings verdere installasies wil byvoeg, word die goedgekeurde ontwerp gebruik (om belyning te verseker), en staan die omgewing self vir die

produksie- en installasiekoste in. Sommige installasies is reeds gedoen, maar verdere werk is vir eers opgeskort, deels om die ontwerpe met die nuwe universiteitshandelsmerk te versoen (wat elders in hierdie hoofstuk bespreek word) en sodoende dubbele werk en koste te voorkom, en deels omdat die COVID-19-inperkingsregulasies terreinbesoeke en installasieontwikkeling verhoed het. Die projek sal hervat sodra die nuwe handelsmerk afgehandel en die inperking opgehef is.



FIGUUR 2: Die grafika vir 'n visuele installasie van Visie 2040 en die Strategiese Raamwerk 2019–2020 by die Fakulteit Regsgeleerdheid, waarby 'n kalender ingesluit is.

Ontwikkeling van die US se institusionele kultuur op grond van waardes

Een van die aspekte wat deel uitmaak van fase 2 (integrasie) en fase 3 (belyning) van *Visie 2040* en die *Strategiese Raamwerk 2019–2024* is die vyf waardes van die US, wat ons beoog om die hoekstene van die US se institusionele kultuur en leierskap te maak. Die voorneme is om dít deur twee inisiatiewe te doen: (i) 'n vier uur lange werksessie oor hoe waardes by verhoudings en prosesse geïntegreer kan word, en (ii) 'n drie dae lange kapasiteits-en-vaardigheidsbousessie om individue, veral leiers, toe te rus om waardegebaseerde dilemmas die hoof te bied.

Die projekplan wat die verskillende doelwitte, aksies en tydlyne uiteensit, was suksesvol om finansiering uit die Strategiese Fonds in 2019 te verseker. Sodra die implementeringsfase van die projek begin, sal monitering en evaluering gelyktydig plaasvind. Dít sal die projekspan in staat stel om die inwerkingstelling aan te pas en te verbeter namate die projek vorder. Daarbenewens sal hierdie geïntegreerde benadering ook inligting voorsien waarmee die span 'n universiteitspesifieke raamwerk vir veranderingsintegrasie sal kan bou, ongeag die projek en die vereiste verandering. Hierdie projek sal op sy beurt aansluit by ander aktiewe inisiatiewe wat beoog om die Universiteit se prosesse, prosedures en stelsels op 'n geïntegreerde wyse te verbeter, waaronder SUNFin en SUNStudent, waarvan ervarings óók by die integrasieraamwerk ingevoer sal word.

Waardes in Aksie- ("Values in Action")-werksessies is tot dusver vir die Sentrum vir Onderrig en Leer en twee fakulteite aangebied. Deelnemers het hul waardering uitgespreek vir die praktiese aard en transformerende potensiaal van 'n waardegedrewe benadering tot leierskap en spanwerk. Volgens vroeë aanduidings voel deelnemers meer bemagtig om waardegebaseerde dilemmas te hanteer, en verstaan hulle beter hoe die Universiteit se strategie en waardes mekaar aanvul en versterk.

Die landwyse COVID-19-inperking het aanvanklik die implementering van die waardewerksessies gekniehalter. Die sessies is egter nou herontwerp vir aanlyn aanbieding en is in Julie 2020 as 'n proef vir die afdelings van die VS: Strategie en Internasionalisering aangebied.

US-gedragkode

In sy *Visie 2040* en die *Strategiese Raamwerk 2019–2024* verbind die US hom tot die waardes van uitnemendheid, deernis, verantwoordbaarheid, respek en billikheid. Aangesien ons wil hê dat hierdie spesifieke waardes ons optrede rig, is die instelling besig met 'n proses om 'n gedragkode vir die US te skryf. Dit sal sekere vereiste, aanvaarbare en beperkte of verbode gedrag en praktyke in die organisasie beskryf.

Twee beginsels sal as uitgangspunte dien: Die gedragkode sal eerstens uit 'n waardegedrewe eerder as 'n reëlgedrewe oogpunt opgestel word. Tweedens sal belanghebbendes aktief by die proses betrek word om mede-eienaarskap van die gedragkode te fasiliteer.

Die proses bestaan uit ses fases. 'n Kernwerkgroep sal in fase 1 saamgestel word om die proses te bestuur en 'n konsepraamwerkdokument op te stel (teen die einde van Augustus 2020). Hierdie konsepdokument sal dan in fase 2 bespreek word met 'n verwysingsgroep, wat uit verteenwoordigers van verskillende belanghebbendegroepe en die Rektorat sal bestaan (teen die middel van September 2020). Fase 3 en 4 sal gelyk loop. Eersgenoemde sal formele oorlegpleging met spesifieke strukture by die Universiteit (soos fakulteitsrade, sekere komitees en die Raad) behels, en laasgenoemde oorlegpleging met personeellede en studente (vanaf September 2020 tot Maart 2021). Die konsepgedragkode sal hierna die formele besluitnemingsproses via spesifieke komitees volg (fase 5). Na gelang van die terugvoering sal dit óf in Junie óf September 2021 formeel goedgekeur word. Indien terugvoer tydens die proses aandui dat meer tyd benodig word, sal hierdie tydlyn egter aangepas word. Die proses eindig dan met fase 6, implementering.

Die onderstaande tabel som die proses op:

Augustus 2020	September 2020	September 2020 tot Maart 2021	Junie 2021	September 2021
Fase 1: Werkgroep saamgestel	Fase 2: Konsepdokument bespreek	Fase 3: Konsultasie met US-strukture Fase 4: Konsultasie met personeel en studente	Fase 5: Formele besluitneming	Fase 6: Implementering

TABEL 1: US Gedragkode fases.

SBA's om kern strategiese temas en doelstellings te kwantifiseer en te monitor

As deel van die US se *Strategiese Raamwerk 2019–2024* is 'n lys moontlike strategiese bestuursaanwysers (SBA's) deur werkgroepe geïdentifiseer en is by die finale weergawe van *Strategiese Raamwerk 2019–2024* ingesluit. Ná die aanvanklike lys het die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) voorstelle gemaak vir SBA's wat gestruktureer is volgens die ses kern strategiese temas, asook die karaktertrekke waaraan 'n SBA moet voldoen. 'n Kernprojekwerkgroep het hierdie SBA's gevolglik gedefinieer en verder verbeter op grond van verdere kommentaar van die verskillende werkgroepe wat vir elk van die strategiese temas saamgestel is.

Die kernwerkgroep het die besprekings gelei oor die individuele kern strategiese tema tydens 'n reeks werkwinkels wat ten doel gehad het om die kriteria wat op grond van die definisies van die kern strategiese temas en doelstellings opgestel is, te verbeter en uit te brei. 'n Gekonsolideerde aanbeveling met 'n uitgebreide stel voorlopige SBA's is in September 2019 by die Rektorat ingedien en was daarna verder geskaaf en die gewysigde SBA's is in Oktober 2019 aan die Algemene Bestuursvergadering voorgelê.

Die onderstaande tabel bied 'n oorsig van die proses wat tot en met September 2019 gevolg is om die SBA's in samewerking met, en met die bydraes van, verskillende rolspelers by die Universiteit te ontwikkel:

Februarie 2019	Maart–April 2019	Mei 2019	Junie–Julie 2019	Julie 2019	Julie–Augustus 2019	September 2019
Voorlopige SBA's word ingesluit by konseps-strategiese plan	Voorlopige SBA's word verantwoordelikeheidsentrums bespreek	Verantwoordelikeheidsentrums werk verder aan voorlopige SBA's, en dun dit uit	IOB ontleed voorlopige SBA's	IOB bied terugvoering aan Rektorat en dekan by Uitvoerende Beplannings-forum	Intensiewe werksessies oor SBA's vir elke tema	Verbeterde lys SBA's met bepaalde klem op definisies word aan Rektorat voorgelê

TABEL 2: SBA ontwikkelingsproses.

Ná oorlegpleging met verantwoordelikeheidsentrumhoofde en data-eienaars het die Rektorat die verbeterde SBA's op 29 Oktober 2019 goedgekeur. Die Rektorat het ook SBA-teikens vir 2024 gestel op grond van data en grafieke van historiese aanwysertendense wat IOB voorsien het. Baie van dié teikens is strekteikens. Die nuwe SBA's en teikens is op 8 November 2019 aan die Uitvoerende Komitee van die Raad en op 2 Desember aan die Raad self voorgelê, wat goedkeuring verleen het dat dit by die US se Institusionele Plan 2019–2024 ingesluit word.

IOB het sedert 2019 met verskillende rolspelers by die US saamgewerk om die voorlopige definisies (d.w.s. berekeningsformules) van die SBA's te bepaal, en het ook historiese brondata vir elk van die elemente ingesamel om sinvolle rigpunte te bepaal. Ná die datainsamelingsproses is historiese tendense opgestel wat as verdere grondslag vir toekomsteikens kan dien. Waar dit moontlik was, is die institusionele data tot op fakulteitsvlak ontleed om die fakulteitspesifieke data vir 'n SBA te toon. Sodoende kan fakulteite hulle onderskeie bydraes tot die oorhoofse SBA op institusionele vlak bepaal. Op versoek van die Dekaanforum is vergaderings onder leiding van die Viserektor: Strategie en Internasionalisering, prof Hester Klopper, gehou om 'n laaste paar verstellings aan enkele SBA's aan te bring. Die finale stel SBA's sal op 18 Augustus by die Rektorat dien vir goedkeuring.

Universiteit Stellenbosch-telkaart


Om tred te hou met die US se vordering in die strewe na *Visie 2040*, het die Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, 'n behoefte uitgespreek aan 'n “enkelbladpaneelbord”. In pas met die VS: Strategie en Internasionalisering se opdrag om strategie te bestuur, is die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur gevolglik versoek om 'n telkaart vir die Universiteit te ontwikkel om die instelling se vordering met die doelwitte in ons *Strategiese Raamwerk 2019–2024* te monitor. Die telkaart modelleer en hou tred met die nuwe strategiese bestuursaanwysers (SBA's) aan die hand van teikens vir 2024. Prestasiebestuur is kompleks, en om 'n gewig toe te ken aan elk van die prestasieaanwysers om sodoende 'n saamgestelde telling te bereken vereis verskeie kernbelanghebbendes se deelname. Die US-telkaart is op 31 Maart 2020 aan die Rektorat voorgelê en gedemonstreer, wat die model as 'n innoverende bestuursinstrument vir die US aanvaar het.

Die US-telkaart is 'n saamgestelde indeks. Verskillende gewigswaardes word aan SBA's, institusionele doelstellings, aanwysers en maatstawwe toegeken, wat alles die Universiteit se algehele saamgestelde doeltreffendheid beïnvloed. Die telkaart begin met lyngrafiekvisualiserings van beskikbare historiese waardes en toekomsteikens. Die figuur hieronder toon byvoorbeeld die visualisering van kern strategiese tema 5, “Navorsing vir impak”. (Die visualisering is met behulp van die sagteware MS PowerBI™ geskep.) Vorige waardes word met 'n blou lyn aangedui, en toekomsteikens met 'n geel lyn:



FIGUUR 3: Visualisering van data vir Navorsing vir Impak.

Aanwysers en maatstawwe het in die meeste gevalle waardes vir die tydperk 2014–2019 en teikens vir die tydperk 2020–2024. Nie alle data is nou reeds beskikbaar nie.




FIGUUR 4: Visualisering van data vir 'n Florerende Universiteit Stellenbosch.

“Doeltreffendheid” is die mate waarin die teiken bereik word. Die telkaart bevat saamgestelde doeltreffendheidsmaatstawwe, wat bereken word deur verskillende gewigswaardes aan


prestasieaanwysers toe te ken na gelang van hul prioriteit. Hierdie gewigswaardes is veranderlikes wat die saamgestelde doeltreffendheidsmaatstawwe, en uiteindelik dus ook die Universiteit se algehele prestasie, beïnvloed.

Voorlopig word gelyke gewigswaardes aan alle SBA's toegeken (want nie een kern strategiese tema geniet tans voorrang bo 'n ander nie). Die enigste uitsondering is SBA 4, waaraan 0% gewig toegeken is omdat dit nog nie enige waardes en/of teikens het nie. Die telkaart delf dan dieper tot by die institusionele doelstellings (d.w.s. die tweede vlak van prestasieaanwysers) sowel as die aanwysers en maatstawwe (d.w.s. die derde vlak van prestasieaanwysers). Die figuur hieronder illustreer hierdie uiteensetting vir tema 5, "Navorsing vir impak":




FIGUUR 5: Tweede en derde vlak data vir doeltreffendheidsmaatstawwe vir Navorsing vir Impak.

Alle aanwysers en maatstawwe dra tot die gekombineerde, oorhoofse kern strategiese temas van die US by. Die figuur hieronder beoordeel die saamgestelde doeltreffendheid van die hele Universiteit én van elke kern strategiese tema aan die hand van waardes van sowel 2018 as 2019 vergeleke met teikens vir 2024. Die blou stawe stel die saamgestelde doeltreffendheidsmaatstawwe op grond van die waardes van 2018 en teikens van 2024 voor, en die geel stawe die saamgestelde doeltreffendheidsmaatstawwe op grond van die waardes van 2019 en teikens van 2024. Die figuur toon 'n algehele doeltreffendheidsyfer van 72,4% vir die US op grond van waardes van 2018 (in rooi omkring regs bo), en 71,5% vir SBA 5 ("Navorsing vir impak") (in rooi omkring laer af). Dít beteken dat die US in die geheel 72,4% gevorder het met die doelwitte wat in die *Strategiese Raamwerk 2019–2024* gestel is.



FIGUUR 6: Data vir doeltreffendheid vir US kern strategiese temas (waardes teenoor teikens).

Die onderstaande figuur toon 'n doeltreffendheidsyfer van 68,2% vir die institusionele doelstelling “Verhoog navorsingsondersteuning” (in rooi omkring regs bo), en 73,2% vir die maatstaf en aanwyser “Gemiddelde getal magistergraduandi per akademiese personeellid per jaar” (in rooi omkring laer af).




FIGUUR 7: Navorsing vir Impak data vir institusionele doelwitte.

Deur sowel algehele as saamgestelde doeltreffendheid aan te dui, bied die telkaart 'n geheelindruk van die Universiteit se prestasie op kerngebiede van die instelling, sowel as op laer vlakke. Dít sal van groot nut wees om die US se vordering met die doelstellings in *Strategiese Raamwerk 2019–2024* te monitor. Saamgestelde doeltreffendheid kan ook oor tyd beoordeel word.

Finansiële paneelborde om finansiële prestasie te monitor en te evalueer

Soos reeds in 'n vorige verslag verduidelik is, maak 'n finansiële instrumentpaneel dit moontlik om elke kernprestasiaanwyser omvattend te ondersoek en met historiese data te vergelyk. Die US-bestuur moet nog finale teikens vir elke kernprestasiaanwyser bepaal. Voorlopige teikens is egter as 'n beginpunt voorsien. Die onderstaande grafiek bied 'n oorsig van die kern finansiële prestasiaanwysers vir 2019:



FIGUUR 8: Finansiële prestasiaanwysers instrumentpaneel.

Institusionele Beplanningsforum en Uitvoerende Beplanningsforum

Die proses van geïntegreerde beplanning is op 12 en 13 Februarie 2020 voortgesit met die jaarlikse Institusionele Beplanningsforum, waaraan nagenoeg 70 senior en uitvoerende leiers deelgeneem het. Die forum het hulle toegespits op die institusionele prioriteite wat in Julie 2019 by die Uitvoerende Beplanningsforum (UBF) geïdentifiseer is, met bepaalde klem op die impak van hierdie prioriteite op die volgende jaar se werk. Dit het ook insig gebied in die aanvanklike fokusse van die onderskeie verantwoordelikhedsentrusse vir 2021 om die jaarlikse beplanningsproses mee af te skop.

As deel van die aanpassings aan die Universiteit se akademiese kalender is die UBF van Julie 2020 tot 13 en 14 Augustus 2020 uitgestel. Omdat die Rektooraat bewus was dat nie almal die vergadering in persoon sou bywoon nie, is 'n hibriede model vir die eerste keer gebruik wat beide in-persoon en virtuele deelnemers kan akkommodeer. Die UBF se fokus was op die impak van die COVID-19-pandemie op die hoërsonderwyssektor, die Universiteit se prioriteite vir 2021, asook spesifieke finansiële en begrotingsaspekte.

US-handelsmerkposisionering en nuwe visuele identiteit

In die maande voor die US se Eeufees in 2018 het 'n raakpunt-oudit van US-handelsmerke (fase 1) 'n gefragmenteerde handelsmerk van meer as 170 verskillende visuele identiteite (logo's) aan die lig gebring (sien grafika regs). Daarna is 'n eenvormige en konsekwente handelsmerkidentiteit vir die Eeufeesvieringe ontwikkel. Die Eeufeeslogo is goed ontvang en het die weg gebaan vir die skuif na 'n uniforme of enkele handelsmerkidentiteit. 'n Handelsmerkwaardasie tesame met 'n oudit van handelsmerkpersepsies (fase 2) is in 2019 voltooi om vir die ontwikkeling van 'n handelsmerkposisioneringstrategie (fase 3), handelsmerkontwerp en 'n nuwe visuele identiteit vir die instelling voor te berei. Die handelsmerkwaardasie het die waarde van die US se handelsmerk beoordeel en die sterk- en swakpunte van die Universiteit se huidige handelsmerkposisionering geïdentifiseer. Op grond daarvan het die Rektooraat (in Augustus 2019) besluit om 'n monolitiese handelsmerkontwerp te aanvaar – 'n handelsmerk wat in 'n enkele, verenigende “hoofthandelsmerk” veranker is en een visie en een handelsmerkidentiteit verteenwoordig.



Werk aan die ontwikkeling van 'n handelsmerkposisioneringstrategie, handelsmerkontwerp en nuwe visuele identiteit het in November 2019 begin met die aanstelling van die handelsmerkagentskap Boomtown deur die normale US-tenderproses. Hulle opdrag was om die handelsmerk 'n vars voorkoms te gee wat die Universiteit se gewenste handelsmerkposisionering vir die toekoms weerspieël, maar om terselfdertyd die nuwe visuele identiteit te veranker in die bestaande ekwiteit wat in die Universiteit se 102 jaar oue erfenis opgesluit lê. Die Rektooraat het die volgende drie riglyne voorsien:

- Handhaaf 'n **uniforme** handelsmerkidentiteit;
- Ontwikkel 'n **vars** visuele identiteit; en
- Hou by **maroen** as die vernaamste institusionele kleur.

Die ontwerpdrag is aan die hand van die Rektorat se riglyne aan die agentskap oorgedra. Daarna het 'n stapsgewyse proses van November 2019 tot Junie 2020 ontvou. Die agentskap en die US se eie projekspan het ongeveer 120 US-dokumente (waaronder die resultate van Fase 1, Fase 2 en die opnames wat gedoen is) bestudeer om voorstelle vir die Rektorat se kommentaar en goedkeuring te ontwikkel. Fase 3 het drie stappe behels, naamlik (1) handelsmerkposisioneringstrategie, (2) handelsmerk-narratief, en (3) 'n nuwe visuele identiteit wat deur die institusionele handelsmerk (logo) verteenwoordig word. Twee strukture is geskep om deelname van alle entiteite te fasiliteer, naamlik die Handelsmerkverwysingsgroep (BRG), wat insluit verteenwoordigers van die VS's, Fakulteite en Afdelings, en die Institusionele Narratiefadviesgroep.

Die handelsmerkposisioneringstrategie, die handelsmerk-narratief en die eerste voorstel van 'n nuwe visuele identiteit is in Februarie 2020 by die Institusionele Beplanningforum, die daaropvolgende personeelbyeenkoms, deelnemers aan twee studentefokusgroepe, Maties Sport en 'n gesamentlike sessie van die Handelsmerkverwysingsgroep en die Institusionele Narratiefadviesgroep voorgelê. 'n [Vorderingsverslag](#) is op 6 April 2020 by die Raadsvergadering voorgelê, en is ná die tyd ook by die Raadskommunikasie aan alle personeellede ingesluit.

Die voorgestelde institusionele handelsmerkwapen/-logo (wat die bestaande S-blaarontwerp vervang) is by die Rektoratsvergadering van 21 April 2020 aanvaar, gevolg deur voorleggings vir insae tydens 'n spesiale vergadering van die Institusionele Forum, 'n gesamentlike vergadering van die Handelsmerkverwysingsgroep en die Institusionele Handelsmerk-narratiefadviesgroep, die Studenteraad-dagbestuur, die Tygerberg-studenteraad, die Senaat, en die Komitee vir Visuele Regstelling. Dit is ook per e-pos aan alle personeellede en studente gestuur.

Die uitkoms van die proses is 'n goedgekeurde handelsmerkposisioneringstrategie en die US handelsmerk-narratief. Van belang is dat die bedoeling van die Rektorat wás dat die nuwe institusionele handelsmerkwapen (logo) beide modern en gestroomlyn is, maar ook steeds 'n sterk band met die Universiteit se seremoniële wapen het, en dat 'n effens aangepaste seremoniële wapen vir amptelike doeleindes, soos vir gebruik deur die Kanselier en vir gradeplegtighede, behou word. Uit 'n pragmatiese oogpunt hou die seremoniële wapen, met enkele veranderinge, die aandag gevestig op die akademiese statuut en erfenis van die US as opvoedkundige instelling. Met die ontwikkeling van die logo is die hedendaagse, immer ontwikkelende en komplekse digitale omgewing in gedagte gehou.

Die US-handelsmerkidentiteit – Waar is ons nou?

Hoewel die aanvanklike riglyn – om 'n vars (eerder as 'n splinternuwe) handelsmerkidentiteit te skep – ons by die huidige voorgestelde visuele identiteit gebring het (wat by die Raadsvergadering van 22 Junie en die Senaatsvergadering van 5 Junie aangebied is), het daar intussen 'n denkgroep ontstaan wat van mening is dat die US dié geleentheid moet benut om sy toewyding aan transformasie deur 'n algeheel nuwe visuele handelsmerkidentiteit te toon. Besware het na vore gekom teen die voortgesette gebruik van sommige van die ikone uit die heraldiese wapen wat gebruik is in die voorgestelde handelsmerkwapen of logo, wat deur sommige beskou word as 'n voortsetting van die Universiteit se bande met die twyfelagtige erfenis van die Van der Stel-familie, kolonialisme, slawerny en die instelling se rol in die onreg van die verlede.

Die volgende kommentaar is ontvang:

- Sterk steun vir belyning met *Visie 2040* en die *Strategiese Raamwerk 2019–2024*
- 'n Mate van teenkanti teen die voortgesette gebruik van ikone in die logo
- Logo moenie op die seremoniële wapen gegrond wees nie
- Steun vir 'n nuwe institusionele handelsmerkwapen (met skild as basisbeeld), maar nie noodwendig met ál vier voorgestelde ikone nie, met bepaalde verwysing na die verwydering van Minerva
- Eurosentriese ikonografie behoort hersien te word

Verskeie geslagte studente, personeellede en alumni het oor die meer as tien dekades van die US se bestaan die instelling se gange bewandel. As 'n openbare instelling is die US ook al aan etlike politieke, kulturele en sosiale tydperke blootgestel wat sy geskiedenis gevorm en ons tot hier gebring het, met 'n aantal verskillende elemente wat tot die institusionele reputasie bydra. Eweneens is dit waarskynlik ook so dat die betekenis wat aan 'n handelsmerk gekoppel word mettertyd die oorspronklike bedoeling ontgroeï. Die logo is die sigbaarste en gereeldste herinnering aan dít waarvoor die handelsmerk staan. Universiteite is instellings vir die eeue, maar die lede van 'n universiteitsgemeenskap kom en gaan – hoewel hulle selfs ná hul vertrek 'n aandeel in die instelling behou.

Juis omdat ons verskillende belanghebbergroepe so divers is, is die doel om 'n gemeenskaplike ervaring, gemeenskaplike geskiedenis en gemeenskaplike betekenis in outentieke simboliek of 'n visuele identiteit te vind 'n uitdaging vir die US. Om die proses verder te voer het die Raad tydens die Junie 2020-vergadering aangedui dat dit die finale besluit oor die verfrisde visuele handelsmerkidentiteit sal neem. Gegewe hierdie besluit en die aanvaarding van die mosie wat deur die Senaat op 21 Augustus 2020 ingedien is, is die betrokkenheidsplan gewysig om voldoende geleentheid te bied vir belanghebbendeelname. Die proses sluit 'n reeks interaktiewe sessies met sleutel- institusionele teikengroepe en vennote in, asook 'n geleentheid vir elektroniese response. Alle statutêre liggame, insluitend die SR, is deel van die betrokkenheidsfase. Die doel is om die visuele handelsmerkidentiteit tydens die eerste Raadsvergadering in 2021 voor te lê.

Ontwikkeling van die US se internasionaliseringstrategie

Die US se internasionaliseringstrategie is in September 2019 goedgekeur as 'n doelgerigte institusionele verbintenis om 'n internasionale, interkulturele en globale dimensie by alle aspekte van die Universiteit te integreer. Hierdie verbintenis word in die instelling se leierskap, organisatoriese strukture en beleide, personeelkorps én studentegemeenskap verwelkom, en is daarop gerig om navorsing en innovasie, leer en onderrig tot diens van die samelewing te bevorder. Om praktiese inhoud aan dié verbintenis te gee, sal die internasionaliseringstrategie:

- die US se status as 'n betroubare wêreldspeler en voorkeurvennoot in Afrika konsolideer;
- as 'n rigtinggewende raamwerk dien om (1) 'n internasionale dimensie by alle tersaaklike institusionele beleid en beleidshersienings te integreer, (2) groter fokus te verleen aan die bestaande wye verskeidenheid internasionaliseringsaktiwiteite by die instelling, (3) soepel en aanpasbare reaksies op internasionale geleenthede te verseker, en (4) samewerking in die breër Suid-Afrikaanse hoëronderrigkonteks teweeg te bring ten einde internasionale vennootskappe en internasionaliseringsgeleenthede te ontwikkel en daaraan deel te neem;
- 'n grondslag bied waarop alle personeellede hul rol (hetsy primêr of sekondêr) in internasionalisering kan definieer; en
- alle internasionaliseringsbeleide, -werksaamhede en -strukture deur die hele instelling belyn.

'n Aksieplan word tans opgestel om verantwoordelikhedsentrusse by te staan om internasionaliseringsinisiatiewe vanaf 2021 by hul omgewingsplanne in te sluit sodat hulle kan bydra tot die US se strewe na die doelwitte in die internasionaliseringstrategie. Daardie doelwitte is soos volg:

- Doelwit 1: Die US maak internasionalisering deel van die hoofstroom in alle aktiwiteite, werksaamhede en beleide.
- Doelwit 2: Die US is 'n navorsingsintensiewe universiteit ín en vír Afrika, met 'n wêreldwye reikwydte.
- Doelwit 3: Die US gebruik internasionale samewerkende leer- en onderrigprogramme om sy kennisaanbod met ander te deel én verder aan te vul.
- Doelwit 4: Die US bou hegte verhoudings met sy internasionale belanghebbendes deur funksionele skakeling, aktiewe samewerking en wedersyds voordelige, aanvullende, wederkerige en transformerende vennootskappe.

- Doelwit 5: Die US verwelkom internasionale studente, bou in- en uitwaartse studentemobiliteitsprogramme verder uit, en verseker 'n transformerende studente-ervaring vir sowel internasionale as plaaslike studente om ware 21ste-eeuse burgers op te lewer.
- Doelwit 6: Die US skep 'n omgewing vir personeellede en na-doktorale genote om hulle internasionale bewustheid en netwerke te ontwikkel en uit te brei, en om uitmuntende internasionale personeel en navorsers vir kort- óf langtermynbetrokkenheid in alle programme te werf.
- Doelwit 7: Die US bevorder doelbewus sy internasionale reputasie deur toegespitste internasionale kommunikasie-, bemarking- en handelsmerkstrategieë.
- Doelwit 8: Die US moedig aktief innovasie-, entrepreneurskaps- en technologieoordragaktiwiteite op internasionale vlak aan.

Wêrelduniversiteitsranglyste

Al het ons tot nou besluit om nie te fokus op wêrelduniversiteitsranglyste as 'n kritiese element van ons strategie nie, is dit duidelik dat dit wêreldwyd beskou word as die “akademiese waarde-eenheid”. By die US verskaf ons data vir die Times Higher Education- (THE) wêrelduniversiteitsranglys (WUR), wat op 11 September 2019 in Zürich uitgereik is. Die US het van die kategorie 301–350 in 2019 tot 251–300 in 2020 geklim. Die US beklee die derde plek in Suid-Afrika, met die universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand onderskeidelik in die eerste en tweede plek. Dit beteken die US is onder die beste 1% van universiteite wêreldwyd.

Internasionale sitate van die US se navorsing in verskeie dissiplines het vir die derde opeenvolgende jaar merkbaar verhoog. Die US het vergeleke met die vorige jaar beter gevaar in die aanwysers “Onderrig”, “Navorsing”, “Sitate” en “Internasionale beskouing”. Die grootste verbetering was in die Universiteit se sitaattelling, wat 13% hoër is as in die vorige tydperk. Hierdie resultate weerspieël die wêreldwye impak van die US se navorsing, en die agting vir die kaliber en statuut van die Universiteit se navorsers.

Die US het ook sy status as een van die voorste universiteite in die wêreld se ontluikende ekonomieë gekonsolideer. Soos in 2019, beklee dit weer die 24ste plek op die [THE-universiteitsranglys vir ontluikende ekonomieë van 2020](#), nadat dit in 2017 in die 42ste plek en in 2018 in die 38ste plek was. Die instelling is tans derde in Suid-Afrika. Hierdie ranglys bestaan uit meer as 530 universiteite uit 47 lande, en die top 200 sluit tien Suid-Afrikaanse instellings in. Die lys bevat slegs instellings van lande of streke wat deur die *Financial Times*-effektebeurs (FTSE) as “gevorderd ontluikend”, “sekondêr ontluikend” of “subontluikend” bestempel word.

Die universiteitsranglys vir ontluikende ekonomieë gebruik dieselfde 13 gekalibreerde prestasieaanwysers as die [THE-wêrelduniversiteitsranglys](#) om die mees omvattende en gebalanseerde vergelykings moontlik te maak. Die gewigtoekenning word egter spesiaal herkalibreer om die eienskappe van universiteite in ontluikende ekonomieë te weerspieël. Die prestasieaanwysers word in vyf kategorieë ingedeel, naamlik “Onderrig” (leeromgewing), “Navorsing” (volume, inkomste en reputasie), “Sitate” (navorsingsinvloed), “Internasionale beskouing” (personeel, studente en navorsing) en “Bedryfsinkomste” (kennisoordrag).

Vir die ontluikende ekonomieë word daar groot klem geplaas op universiteite se impak op die samelewing. Met die US se opgang onder universiteite wêreldwyd, onderstreep sy gevestigde plek op hierdie bepaalde ranglys een van sy kern strategiese temas, naamlik “Navorsing vir impak”.

Die tabel hieronder bied 'n samevatting van Suid-Afrikaanse instellings se vorige en huidige plekke op die THE-universiteitsranglys vir ontluikende ekonomieë (2017–2020):

Universiteit	2017	2018	2019	2020
UK	4	9	9	10
Wits	8	12	11	11
US	42	38	24	24
UKZN	58	41	49	54
NWU				109
UWK	102	117	121	115
UJ	141	92	99	118
UP	74	66	78	124
UNISA	251–300	251–300	301–350	251–300
TUT			201–250	251–300

TABEL 3: SA universiteite op die THE-universiteitsranglys vir ontluikende ekonomieë 2017–2020.

Benewens die THE-universiteitsranglys vir ontluikende ekonomieë, dien die US ook data in vir, die volgende ranglyste:

Ranglys	2018	2019	2020
THE-wêrelduniversiteitsranglys	351–400	301–350	251–300
ARWU (Sjanghai)	401–500	401–500	Nog nie beskikbaar nie
Clarivate-wêreldwye institusionele profile	Sien kommentaar hieronder*		

TABEL 4: Ranglyste aan wie die US data verskaf.

* Die Clarivate- wêreldwye institusionele profile vul die institusionele profieldata in InCites™ aan, en word as 'n feiteblad aan deelnemerorganisasies beskikbaar gestel. Dit is gegrond op data uit drie hoofbronne: data wat die instelling self aan Clarivate Analytics voorsien, data oor die instelling se publikasies en sitate wat van Web of Science™ bekom word, en die resultate van die jaarlikse akademiese reputasieopname. Infografika met feite en syfers oor navorsingsaktiwiteite, finansiering, studente en personeellede, wat alles op verifieerbare aanwysers van Clarivate Analytics berus, word dan by die institusionele feiteblad ingesluit.

Suksesvolle afhandeling van Strategiese Fondsaanseke

Die Strategiese Fondsproses, wat deur die gewysigde Reglement van die Strategiese Fonds bekend gestel is, het sy eerste volledige siklus suksesvol voltooi. Die Strategiese Fondskomitee het op 31 Oktober 2019 die 27 projekte in kategorie A (strategiese inisiatiewe), wat in rondte 1 vir bespreking in rondte 2 goedgekeur is, oorweeg en finansiering aan die suksesvolle projekte toegeken. Twaalf nuwe aanseke is ook in kategorie C (strategiese aanstellings) oorweeg.

'n Deskundige paneel het in November 2019 die kategorie B-aansoek (strategiese uitstyg- en openbaremeningsprojekte) vir die vestiging van die Skool vir Datawetenskap en Rekenaardienke beoordeel. Die paneel het die aansoek eenparig vir goedkeuring by die Strategiese Fondskomitee aanbeveel. Finansiering van R30 miljoen is dus vir die Skool opsygesit, wat op 'n mylpaalgrondslag beskikbaar gestel sal word. Altesaam R249 miljoen is in kategorie A toegeken, en R38,6 miljoen in kategorie C. Dit bring die totale toekenning op R317,6 miljoen te staan – die grootste toekenning tot

nog toe uit 'n strategiese fonds, wat bewys lewer van die instelling se toewyding daaraan om sy nuwe visie en strategie te verwesenlik.

Kategorie	2019	2020
Kategorie A	R249 miljoen	R14.9 miljoen
Kategorie B	R30 miljoen	R0
Kategorie C	R38.6 miljoen	R9.6 miljoen
Totaal	R317.6 miljoen	R24.5 miljoen

TABEL 5: Kategorieë en bedrae van Strategies Fonds-toekennings.

Aangesien daar geld oorgebly het in kategorie A (R14,9 miljoen) en kategorie C (R9,6 miljoen) (maar nie in kategorie B nie), is dit na 2020 oorgedra. Gevolglik kon 'n paar nuwe projekte in hierdie kategorieë oorweeg word, ofskoon die gewone toekenning uit die Strategiese Fonds na die Universiteit se gebeurlikheidsfonds moes gaan om die huidige uitdagings verbonde aan die COVID-19-pandemie te help hanteer.

Die 30 kategorie A-aansoeke ter waarde van R107 miljoen is op 22 en 24 April 2020 oorweeg en 14 is uiteindelik deur na rondte 2. Nege kategorie C-projekte ter waarde van R21,3 miljoen is ook vir finale goedkeuring oorweeg en sewe projekte was suksesvol.

Die Strategiese Fondskomitee het op 10 Junie 2020 oor die finale toekennings aan die 14 kategorie A-projekte besluit. Elf daarvan is vir finansiering goedgekeur. Dít sluit in oorbruggingsfinansiering vir 'n aantal nuwe akademiese programme vir 'n beperkte tyd om die Universiteit se onderrig en leer te ondersteun, hefboomfinansiering vir 'n noodsaaklike opknapping van die kern- magnetiese resonansie- ("NMR")-spektroskopiegeriewe om navorsingswerkzaamhede te ondersteun, en steun vir die ontwikkeling van 'n US-sentrum vir tegnologie-entrepreneurs, 'n gesamentlike projek van die LaunchLab en die Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke.

Alle beskikbare geld in die Strategiese Fonds vir 2020 is dus nou toegeken. Die klem verskuif nou na die implementering van aktiewe projekte, waaroor die eerste vorderingsverslae in September 2020 gelewer sal word. Dit sal ook 'n deurlopende proses om die Strategiese Fonds-prosesse te verbeter en vaartbelyn te maak, om nuwe prosesse te ontwikkel wat spesifiek gefokus op monitering en evaluering, en om die projekbestuurders te ondersteun deur die rol van die Strategiese Fonds-administrateur.

Webtuisteherontwikkelingsprojek

Die US se huidige webtuiste is in 2013 bekend gestel, en kort dus dringende herontwikkeling. Die huidige platform is nie meer doelgeskik nie, en die webtuiste is as 'n reputasie- en handelsmerkrisiko geïdentifiseer. In die snel veranderende wêreld van digitale kommunikasieplatforms en tegnologiese vooruitgang en innovasie behoort die US-webtuiste 'n visuele voorstelling te wees van die internasionale posisionering waarna die instelling sê hy streef.

Die oorhoofse doel van die webtuisteherontwikkeling is om 'n mobielvriendelike, gebruikergerigte webtuiste met 'n skoon, moderne ontwerp te skep. So 'n webtuiste moet die US se handelsmerk en strategiese doelwitte uitstraal en gebruikers duidelike, saaklike inligting bied op 'n inspirerende toon waarmee mense hulle kan vereenselwig. Die ontwikkeling van 'n hersiene bedryfsmodel en die implementering van 'n aantal oorsigbestuursdimensies vir die webtuiste is ook belangrik vir die sukses van die projek.

Die Webtuisteherontwerppaneel, wat uit webbydraers uit akademiese en PASD-omgewings bestaan, is in 2018 byeengeroep om die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie met die herontwikkeling van die webtuiste by te staan. Daar is op die volgende gefaseerde benadering tot die projek besluit:

- Fase 1: Navorsing
- Fase 2: Ontleding en beplanning

- Fase 3: Finansiering en verkryging
- Fase 4: Ontwerp en tegniese ontwikkeling
- Fase 5: Inhoudsontwikkeling en -oordrag
- Fase 6: Bekendstelling en instandhouding
- Fase 7: Oorsigbestuur

Die eerste fase (navorsing, met 'n navorsingsverslag as uitkoms) is gedurende die verslagtydperk voltooi en die Rektorat het die navorsingsverslag op 2 Junie 2020 aanvaar. Daarmee het die Rektorat sy beginselsteun uitgespreek vir die implementering van die volgende fases van hierdie strategiese belangrike projek gebaan. Dit behels verdere ontleding van die verslagbevindinge en -aanbevelings, sowel as die skryf van 'n webstrategie vir goedkeuring deur die Rektorat.

Insigte wat gedurende die navorsingsfase verkry word, sal die ontwerp, strategie en bedryfsmodel van die nuwe US-webtuiste rig. Die navorsingsverslag sal deur 'n vertolkingsfase gaan, wat as grondslag sal dien vir die ontwikkeling van die webtuistestrategie. Dit sal ook die werksbestek bepaal waarvolgens 'n diensverskaffer teen die einde van 2020 aangestel sal word om die webtuiste te ontwerp en tegnies te ontwikkel. Finansiering vir die projek is uit 'n Strategiese Fonds-toekenning van 2019 bekom.

Ontleding en beplanning op grond van die navorsing (fase 2) is reeds aan die gang, en die plan is om in Januarie 2021 met fase 4 tot 6 te begin. Die oogmerk is om die eerstevlaknavigasie van die nuwe webtuiste teen Desember 2021 te voltooi en bekend te stel, en om die verdere vlakke dan geleidelik oor die daaropvolgende twee tot drie jaar te aktiveer.

Geïntegreerde kommunikasieveldtogte en -projekte

Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie het gedurende die verslagtydperk verskeie belangrike kommunikasieprojekte en -veldtogte onderneem.

Gradeplegtigheid 2019: 'n Kommunikasieveldtog is vir gradeplegtigheid 2019 gekonseptualiseer en in werking gestel om graduandi en gaste maklike toegang tot volledige en akkurate inligting oor alle gradeplegtigheidsprosesse te bied. Veldtoguitsette was soos volg: (1) 'n nuwe, gestroomlynde gradeplegtigheidswebtuiste, (2) 'n aflaaibare gradeplegtigheidshandleiding wat deur die kantoor van die Adjunkregistrator ontwikkel is, (3) 'n massa-e-pos oor gradedag (met Afrikaans en Engels in dieselfde boodskap) wat op 8 November aan 15 384 studente gestuur en deur 66% van die ontvangers oopgemaak is, en (4) plasings op sosiale media met inligting oor die gradeplegtighede.

Verwelkoming van eerstejaarstudente in 2020: 'n Kommunikasieveldtog is ook vir die verwelkomingsprogram van 2020 ontwerp en geïmplementeer. Die doel was om alle voornemende studente toegang tot volledige inligting oor die verwelkomingstydperk, studentesteundienste en verskeie ander kampusverwante aspekte te bied. Veldtoguitsette was soos volg: (1) 'n Bygewerkte verwelkomingswebtuiste, wat van 15 Desember 2019 tot 3 Februarie 2020 altesaam 18 957 besoeke ontvang het; (2) 'n massa-e-pos wat op 10 Desember aan alle voornemende studente gestuur is – die Afrikaanse boodskap is aan 2 385 studente gestuur, van wie 65,1% die boodskap oopgemaak en 31,8% op skakels in die e-pos geklik het, en die Engelse weergawe is aan 8 779 studente gestuur, van wie 73,1% dit oopgemaak en 24,4% op skakels daarin geklik het; (3) 'n verwelkomingsbrochure, en (4) plasings op sosiale media om eerstejaars op verwelkomingsinligting attent te maak.

Webtuiste-ontwikkeling vir registrasie en fooie in 2020: 'n Nuwe webtuiste vir registrasie en fooie is in samewerking met die kantoor van die Adjunkregistrator geskep. Die doel was om nuwelinge en terugkerende studente toegang te bied tot volledige en akkurate inligting oor die registrasieproses, klas- en koshuisgeld, betaalmoontlikhede en NSFAS. Die webtuiste het ook 'n aflaaibare registrasiehandleiding ingesluit. Die nuwe registrasiewebtuiste het van 15 Desember 2019 tot 3 Februarie 2020 altesaam 30 130 besoeke ontvang.

Interne kommunikasie

Die weeklikse nuusbriewe info@StellenboschUni en nuus@StellenboschUni is per e-pos aan personeel in hul voorkeurtaal gestuur totdat die nasionale inperkingstyd weens die COVID-19-pandemie begin het, waarna slegs nuus@StellenboschUni versprei is. Die leeswyse vir die Afrikaanse en Engelse weergawes van hierdie twee nuusbriewe is gemiddeld 36%, wat aansienlik hoër is as die bedryfsstandaard van 24%. Die klikwyse is gemiddeld 7%, wat eweneens die bedryfsstandaard van 2% verreweg oortref.

'n Aantal boodskappe oor vordering met die handelsmerkvernuwingsprojek is aan personeellede gestuur. Ander belangrike boodskappe het handel oor die uitslag van die Fourie-verslag en aantygings teen die Rektor, en die bevindinge en aanbevelings van die webherontwikkelingsnavorsing. Daarbenewens het studente verskeie boodskappe oor NSFAS, fooie, huisvesting, voedselsekuriteit sowel as nuwe roosters ontvang.

Eksterne kommunikasie

Die US het in die verslagtydperk (1 September 2019 tot 31 Julie 2020) in die geheel 'n positiewe mediateenwoordigheid gehandhaaf. Die mediamonitoringsagentskap PEAR se verslae ontleed deesdae ook die US se mediadekking aan die hand van die instelling se ses kern strategiese temas. Tema 5 (Navorsing vir impak) het verreweg die meeste mediadekking ontvang, terwyl tema 1 ('n Florerende Universiteit Stellenbosch) en tema 2 ('n Transformerende studente-ervaring) ook vordering toon. Hierdie tendense bied die US se Mediakantoor 'n duideliker idee van waarop hulle in eksterne kommunikasieveldtogte moet klem lê.

Die Mediakantoor het in die verslagtydperk op 127 amptelike media-navrae gereageer en 125 mediavrytellings uitgereik. Vier mediaskakelingswerksessies is ook in dié tyd aangebied.

Wat algemene nuusdekking in die verslagtydperk betref, het die US vir ses van die elf maande die meeste nuusbrokkies van alle universiteite in Suid-Afrika in PEAR se datastel gehad. Die US was ook vir sewe van die elf maande die toppresterende in die subkategorie "Navorsing en innovasie". Die US het in die geheel die meeste nuusbrokkies en die hoogste reklamewaarde-ekwivalent opgelewer. Nietemin het die instelling se reikwydte net-net nie die top drie in die land gehaal nie.

Van die grootste nuusstories in dié tyd uit 'n nuusdekkingsoogpunt het ingesluit [regter Edwin Cameron se verkiesing as die Universiteit Stellenbosch se nuwe Kanselier](#), [die Konstitusionele Hof se beslissing ten gunste van Stellenbosch se nuwe Taalbeleid](#), [die gebruik van 3D drukwerk om die stryd teen COVID-19 te ondersteun](#), [die eetbare strooitjies waarmee 'n Matie vorendag gekom het om die omgewing te help red en boonop 'n prys losgeslaan het](#), [US-navorsers wat ou brood in handontsmetmiddel omskep het](#), [die eerste persoon wat 'n doktorsgraad in die massaboerdery van insekte verwerf het](#) en [die 'robot' wat Tygerbergspesialiste gedurende die pandemie met saalrondtes help](#). Die artikel [Kweek van koronavirus: UWK en US isoleer SA se eerste laboratoriumkultuur van SARS-CoV-2](#) was 'n samewerkingsprojek met die Universiteit van Wes-Kaapland. Studenteverwante nuusstories het ingesluit die [tydelike verbod op alkohol in US-koshuise](#), terwyl die US Koor, wat wêreldwye [boaan die prestigeryke Interkultuur-wêreldranglys pryke](#), ook goeie dekking ontvang het.

Tog, in vandag se wêreld kan 'n mens nie negatiewe publisiteit vermy nie, soos die aantygings dat ons Rektor en Vise-Kanselier met regsprosesse probeer inmeng het om regter Edwin Cameron te oorreed om die aanstelling as Kanselier te aanvaar, wat tot 'n aantal nuusberigte gelei het.


Akademie personeellede gaan voort om die US se navorsing vir eksterne gehore toeganklik te maak deur denkleierskapstukke vir The Conversation Africa (TCA) te skryf. Altesaam 55 US-bydraers het in die verslagtydperk 62 artikels opgelewer, wat gesamentlik byna 'n miljoen keer gelees is. Sowat 31% van die lesers was in Suid-Afrika, en 26% in die Verenigde State. TCA het die afgelope maande twee werksessies aangebied, en die eerste aanlyn werksessie het in Junie 2020 plaasgevind.

Voorts het US-personeellede en -studente die afgelope tyd weer 'n groot aantal meningsartikels, hoofartikels en rubrieke gepubliseer: Personeellede het 298 en studente 95 meningsartikels geskryf, terwyl personeellede ook 175 rubrieke die lig laat sien het. Hierdie syfers toon dat US-denkleiers al hoe meer hul stem oor aktuele en belangrike plaaslike en wêreldkwessies laat opklink, en sodoende die instelling se reputasie help bou. Teen hierdie agtergrond is die tweede jaarlikse mediaprysuitdeling in Desember 2019 aangebied, waar prof George Claassen die [US se heel eerste lewenslange prestatietoekenning vir mediawerk](#) ontvang het.

US-publikasies

Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie lewer elke jaar twee gedrukte publikasies oor verskeie fasette van die Universiteit se werk, wat meestal op eksterne gehore afgestem is.

Geïntegreerde jaarverslag: Die Rektoraat het die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie se voorstel aanvaar om slegs 'n beperkte oplaag van die geïntegreerde jaarverslag van 2019 te laat druk. Die verslag is teen die einde van Junie 2020 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) ingedien. Die vraag na gedrukte eksemplare van die omvattende jaarverslag, in Engels en veral ook in Afrikaans, het die afgelope paar jaar stelselmatig afgeneem, wat die Universiteit met oortollige gedrukte eksemplare laat teen die tyd wat die nuwe verslag beskikbaar kom. 'n Beperkte hoeveelheid gedrukte eksemplare van die jaarverslag sal in Engels beskikbaar wees, tesame met 'n PDF-weergawe op die US-webtuiste. Die jaarverslag word slegs in Engels gepubliseer omdat dit spesifiek vir die DHOO opgestel word. Daarby word 'n *Jaaroorsig*-publikasie – 'n tipe “jaarverslag” vir belanghebbendes – ook jaarliks teen die einde van Augustus in sowel Engels as Afrikaans uitgegee.



Matieland: Die tweede uitgawe van *Matieland* vir 2019 is in Desember onder alle alumni en ander belanghebbendes versprei. Dié uitgawe van die korporatiewe tydskrif het gehandel oor die US se werk om 'n transformerende studente-ervaring te bevorder. Artikelonderwerpe het ingesluit die kortkursus oor ubuntuleer, “spelifikasie” (*gamification*) in onderrig, die impak van navorsing, en 'n samewerkingsprojek in Enkanini op Stellenbosch. Die eerste uitgawe van *Matieland* vir 2020 verskyn in Augustus en konsentreer op een van die Universiteit se kern strategiese temas, “Navorsing vir impak”. Van die onderwerpe wat in die artikels aangeroe word, is die US se navorsingsreaksie op die COVID-19-pandemie, US-kenners se mening oor die vereiste denkverskuiwings om by die “nuwe normaal” van COVID-19 aan te pas, 'n profiel van die nuwe Kanselier, regter Edwin Cameron, en die US se werk om studente deur programme soos die kortkursus oor wêreldburgerskap vir internasionalisering voor te berei.



Sosiale media

Verskeie US-verwante kwessies het wyd kommentaar ontlok op sosiale media. Dít het onder meer ingesluit die man wat van sedemisdrywe by die US Biblioteek aangekla is, die Fourie-verslag en die aanstelling van die Kanselier teen die einde van 2019, die tydelike verbod op alkohol in koshuise in 2020, rassisme by die US (gedurende die wêreldwye veldtog #BlackLivesMatter), geslagsgebaseerde geweld in die algemeen, en die voorval van geslagsgebaseerde geweld op die Tygerberg-kampus in Julie 2020.

Bekendstelling van podsendingings

Die Digitale Kommunikasie-span van die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie het op 21 Mei 2020 die Universiteit se eerste amptelike podsendingingskanaal, talks@stellenboschuni, bekend gestel. Die kanaal bied US-kenners 'n platform om buite die tradisionele vorme van akademiese diskoers oor hul werk te gesels. Die eerste reeks podsendingings het gehandel oor die impak van die COVID-19-pandemie op verskeie aspekte van ons lewens. Die reeks het bestaan uit praatjies deur:

- Prof Jason Bantjes (Sielkunde) oor geestesgesondheidsprobleme onder studente;
- Me Ilhaam Groenewald (Maties Sport) oor die uitwerking van COVID-19 en die inperking op sport;
- Prof Michael le Cordeur (Opvoedkunde) oor die impak van COVID-19 op ons demokrasie en die onderwys; en
- Prof Sandy Liebenberg (Regsgeleerdheid) oor sosio-ekonomiese regte te midde van COVID-19.

Ander aanbieders en onderwerpe sluit in:

- [Prof Wim de Villiers](#) oor wat die toekoms dalk vir die US inhou; en
- [Prof Nico Koopman](#) oor hoe sy verantwoordelikhedsentrum transformasie en diversiteit sowel binne as buite die US help bevorder.
- Die US-podsending met die grootste luistertal tot dusver was [dr Morné Mostert](#) se praatjie, waarin hy senior besluitnemers en studente van wenke voorsien het om sowel gedurende as ná die COVID-19-pandemie strategies oor die toekoms te dink.

Die kanaal brei flink uit. Altesaam 25 episodes is reeds beskikbaar, en daar is nog vele op pad. Die podsendingings is nou op alle groot podsendingingsdienste te kry, waaronder [Anchor](#), [Spotify](#), [Breaker](#), [Radio Public](#), [Pocket Casts](#), [Google Podcasts](#) en [Apple Podcasts](#).

Institusionele finansiële volhoubaarheid

Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur het 'n dinamiese selfhelp-templaot en -proses ontwikkel om fakulteitsbestuurders in staat te stel om 'n volledige raming te bekom van hul onderriginsetsubsidie op grond van die getal ingeskrewe studente in die huidige akademiese jaar. Dít sal meer akkurate beplanning moontlik maak omdat dit die verwagte inkomste uit subsidie kwantifiseer en maak ook ingeligte besluite oor die nodige personeelverwante uitgawes vir die volgende boekjaar moontlik.

Data- en inligtingsklassifikasieraamwerk

In die laaste kwartaal van 2019 en die eerste kwartaal van 2020 is drie belangrike konsepdokumente ontwikkel: 'n toegangsklassifikasieraamwerk vir data- en inligtingsekuriteit, 'n data- en inligtingsoorsigbestuurwoordelys en 'n data- en inligtingsdomeinmodel vir die US. Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur berei tans die toegangsklassifikasieraamwerk vir data- en inligtingsekuriteit voor vir wyer oorlegpleging én moontlike posisionering as 'n institusionele reglement. Dit is bedoel om die bestaande institusionele Rekordbestuursbeleid, die regulasies oor dataprivaatheid, informasiesekuriteit en tussentydse toegang sowel as die konsepregulasies oor navorsingsdatabestuur te ondersteun. Verdere werk aan die ander twee dokumente sal vir die res van 2020 voortduur. Dit sal die US in 'n baie goeie posisie plaas vir gereedheid met die volle implementering van POPIA.

Voldoening aan wetgewing oor toegang tot inligting en privaatheid

Die presidensie het op 22 Junie 2020 aangekondig dat die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) op 1 Julie in werking tree. Die Universiteit het dus nou 'n jaar, d.w.s. tot 30 Junie 2021, om aan die wet te voldoen. Ons is in die proses om die implementeringsplan te herorganiseer om voldoening teen hierdie sperdatum te verseker. Suksesvolle voldoening sal egter vereis dat alle studente en personeel van die Universiteit proaktief optree. Verder inligting en steun sal deur die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur voorsien word namate die US se voldoeningproses vorder. [Klik hier](#) om meer oor ons reaksie op die privaatheidswetgewing te lees. Navrae kan na privacy@sun.ac.za gestuur word.

Inligtingstelsels vir HEMIS en statutêre verslagdoening

In die lig van die risiko's verbonde aan die ou NATURAL ADABAS-stelsel (d.w.s. die verouderde tegnologie en die programmeerder se naderende aftrede), het die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur nuwe tegnologieë en prosedures begin ontwerp en implementeer om dié van die Studente-inligtingstelsel geleidelik te vervang. Bykomende HEMIS-prosesse is by die SUN-i-bestuursinligtingstoepassing ingesluit om die risiko van afhanklikheid van verouderde tegnologie te beperk. Die volgende fase sal wees om die laaste paar prosesse en prosedures na SUN-i en/of SUNStudent oor te plaas. Die Afdeling het 'n uitstekende rekord van skoon HEMIS-oudits oor vele jare, wat 'n bewys is van die gehalte van die data wat aan die Departement Hoër Onderwys en Opleiding ingedien word.

Opnames oor kindersorg, graduati-bestemmings en nuwelinge

Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur het drie opnames onderneem – onderskeidelik oor kindersorg, graduati-bestemmings en nuwelinge – om tersaaklike US-afdelings se besluitneming te rig. Die kindersorgopname was 'n eenmalige peiling om te bepaal of 'n kindersorgfasiliteit op die Tygerberg-en/of Stellenbosch-kampus haalbaar is en watter faktore in so 'n besluit oorweeg behoort te word. Die jaarlikse opname oor graduati-bestemmings word saam met Loopbaandienste onderneem om die instelling van inligting oor graduati en die arbeidswêreld/verdere studie te voorsien. Die nuwelingsopname word op sy beurt jaarliks in vennootskap met Studentegemeenskappe gedoen om nuwelingsstudente se ervaring van die verwelkomingstydperk te bepaal.

US-inligtingstelsel vir internasionalisering (INTERINFO)

US Internasionaal maak vordering met die implementering van INTERINFO, wat internasionaliseringswerkzaamhede by die US sal ondersteun. 'n Verskaffer is in Julie 2020 aangestel. Die uitkomst van hierdie stelsel sal poog om verband te hou met ál die Universiteit se kern strategiese temas aangesien internasionalisering by die US 'n omvattende en doelgerigte proses met dwarsliggende aktiwiteite is. Die projek sal akkurate en volledige data verseker vir strategiese besluitneming om die US se vennootskappe so goed moontlik te bestuur, te koester en te ontwikkel. Afgesien van die vaslegging, verwerking en rapportering van inligting oor internasionaliseringsaktiwiteite, sluit die stelsel ook funksies in wat:

- dit moontlik maak om verskeie internasionale samewerkingstoekennings wat deur US Internasionaal gekoördineer word, te administreer;
- die institusionele fasilitering en koördinering van besoeke deur internasionale afvaardigings vergemaklik; en
- akademiese omgewings hulle internasionale profiel help bou om 'n program van internasionale aktiwiteite te ontwikkel – ook as 'n bestuursinstrument vir dekane.

Die integrasie van internasionaliseringsdata sal boonop die US se profiel help bou deur akkurate en wêreldklas datavisualiseringsinstrumente, en sal 'n raamwerk help ontwikkel om die bestaande proses van omvattende internasionalisering by die US te rig. Dít sal plaaslike relevansie, streeksimpak en 'n wêreldwye reikwydte verseker, wat direk aansluit by die US se visie en missie om “wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend” erken te word, en as 'n plek waar ons “kennis tot diens van die samelewing bevorder”, “uitmuntende studente lok, talentvolle personeel aanstel en 'n wêreldklas-omgewing bied; 'n plek wat met die wêreld verbind is”.



Kern Strategiese Tema 2

'n Transformerende Studente-ervaring

Om die doelwitte te bereik om studente 'n transformerende ervaring aan die Universiteit Stellenbosch (US) te gee – van toegang vir kwalifiserende studente tot die fasilitering van geleenthede waarby studente betrokke kan voel – het US Internasionaal binne die VS: Strategie en Internasionalisering die afgelope jaar daarop gefokus om studente meer geleenthede te gee om graduandi-eienskappe te ontwikkel om wêreldburgers van die 21ste eeu te word. In hierdie afdeling word verslag gedoen oor studentemobiliteit vir sowel 2019 as 2020. In 2020 is die uitgaande en inkomende studentemobiliteit veral beïnvloed deur die COVID-19-pandemie, wat daartoe gelei het dat US Internasionaal innoverende maniere moes vind om studente, beide van die US en ons vennoot-universiteite, 'n transformerende ervaring te bied. Ons wêreldwye leerintervensies en -aktiwiteite het verskillende geleenthede vir studente moontlik gemaak.

Studentemobiliteitsprofiel vir 2019

Korttermyn- inwaartse en uitwaartse studentemobiliteit is 'n geleentheid om internasionale en plaaslike studente 'n transformerende studente-ervaring te bied. US Internasionaal het 'n stel globale studenteleeruitkomst opgestel om die Global Education Centre (GEC) as 'n leerruimte eerder as 'n logistieke mobiliteitsteunkantoor te herposisioneer. Daardie oordeelkundige stap is nou van groot nut vir die GEC in sy pogings om die impak van die internasionale pandemie op fisiese studentemobiliteit te bestuur en te beperk.

Deur die GEC voorsien US Internasionaal in- en uitwaartse studentemobiliteitsgeleenthede binne 'n globale leertraamwerk. Die internasionale studentemobiliteitsprofiel vir 2019 was soos volg:

- R5,7 miljoen se reisbeurse is vir semesteruitruilbesoeke en somerskool-/ kortprogramdeelname toegeken (304 US-studente). Sien tabel 6 op bladsy 64 vir die fakulteitsverspreiding.
- R7,2 miljoen se inkomste is uit inwaartse Study Abroad-studente (170 studente) en kortprogramdeelnemers (295 studente) verdien. Hierdie inkomste bied die kernfinansiering vir reisbeurse en dra ook gedeeltelik by tot die vergoeding van personeellede gemoeid met studentemobiliteit. Sien tabel 7 op bladsy 64 vir 'n oorsig van die programme.
- 329 inwaartse en 114 uitwaartse studente het in 2019 aan uitruilprogramme deelgeneem. Die wanbalans in semesteruitruilgeleenthede word deels hanteer deur US-studente te stuur om aan vennootinstellings se somerskole of kortprogramme deel te neem (188 US-studente). Sien tabel 8 op bladsy 65 vir fakulteitsverspreiding.
- Semesteruitruilbestemmings vir US-studente in 2019 was Duitsland (29), Nederland (22), die VSA (15), België (11), China (5), Frankryk (5) en Switserland (5). Bestemmings vir somerskole en kortprogramme was China (19), België (17), Swede (14), die VK (14), Australië (14), Nederland (12) en Frankryk (10).
- Geaffilieerde inwaartse navorsings-/internskapstudente het in 2019 van 70 tot 91 toegeneem.

Studentemobiliteitsuitdagings in 2020

- **Uitwaartse studentemobiliteit**

Die COVID-19-pandemie het 'n ingrypende impak op uitwaartse studentemobiliteit vanjaar. Wat die eerste semester betref, kon sommige semesteruitruilstudente nog vertrek voordat die landwyse inperking afgekondig is, maar ander kon nie. Laasgenoemde studente het hulle besoek óf uitgestel óf gekanselleer. Die BCom Internasionale Besigheid-derdejaarkohort van 2020 het hulle mobiliteitsgeleentheid na die tweede semester van 2021 uitgestel.

Waar studente wél nog oorsee kon gaan, het US Internasionaal daarop gekonsentreer om hulle deur gereelde kommunikasie en skakeling met gasheerinstellings en die betrokke regeringsverteenvoordigers te ondersteun. Studente kon om die somer- en winterskole in Junie, Julie en Augustus aansoek doen. Al hierdie somerskole het egter kontakonderrig gekanselleer, hoewel sommige hulle aanbod na die kuberruim verskuif het. Studente wat aansoek gedoen het, is die keuse gegee om met die aanlyn weergawe van die betrokke somerskool voort te gaan.

US Internasionaal het ook besluit om nie enige reisbeurse vir onafhanklike somerskole toe te ken nie. Dit sluit die internasionale keusemodules van mediese vierde- en vyfdejaarstudente in.

Alle uitwaartse studentemobiliteit vir die tweede semester is ook opgeskort omdat die landsgrense eers ingevolge vlak 1 van die inperking sal heropen. Gevolglik bly die institusionele reisverbod nog tot die einde van Oktober 2020 van krag.

- **Inwaartse studentemobiliteit**

US Internasionaal het in die eerste semester van 2020 altesaam 230 semestermobiliteitstudente van sowel vennoot- as nie-vennootuniversiteite verwelkom. Aktiwiteite is so beplan dat dit inskakeling by die studentegemeenskap én die dorp sou aanmoedig, en het twee strategiese inisiatiewe ingesluit. Eerstens het US Internasionaal ruim gebruik gemaak van die Matie Buddies-stelsel, oftewel US-studente wat aan nuwe besoekende internasionale studente toegeken word om as hulle informele gidse op te tree. Tweedens het US Internasionaal vir die naweek voor die aanvang van klasse 'n fietstoer deur Stellenbosch gereël. Studente is in die verlede gewoonlik na Kaapstad geneem om die dag op die strand deur te bring. Tog is daar hierdie keer besluit dat 'n fietstoer deur die dorp een van die beste maniere is om die studente aan Stellenbosch bekend te stel. US Internasionaal beplan om voortaan dié inisiatief voort te sit en moontlik ook plaaslike kulturele aktiwiteite in te sluit.

Benewens die 230 semesterstudente, het US Internasionaal in die eerste semester ook 53 geaffilieerde inwaartse en/of navorsingstudente en 74 kortprogram- en somerskoolstudente verwelkom. Die meeste van hierdie studente het teruggekeer huis toe nadat regeringsregulasies in sowel Suid-Afrika as hul eie lande uitgevaardig is om die verspreiding van COVID-19 te probeer keer. Geen inwaartse studentemobiliteit sal in die tweede semester van 2020 plaasvind nie, maar 'n klein groep studente sal aan aanlyn kursusse deelneem.

Globale leerintervensies

Die GEC het 'n stel globale studenteleeruitkomste opgestel wat sy programvernuwing en -ontwikkeling sal help rig. Dit span die kroon op 'n lang proses om die GEC as 'n leerruimte eerder as 'n logistieke kantoor te herposisioneer. Die leeruitkomste word reeds in sekere kursusse van die globale onderwysprogram, vrywillige gemeenskapskakeling, ISOS en die oriënteringsprogram geïmplementeer.

Die oriënteringsprogram vir die tweede semester wat aanvanklik vir inwaartse studente beplan is, maar weens COVID-19 gekanselleer moes word, het twee belangrike vernuwings ingesluit wat sal deel uitmaak van toekomstige verwelkomingsprogramme. Eerstens sal oriëntering voortaan deurlopend geskied. Dit sal ongeveer 'n maand en 'n half voor die studente se aankoms op Stellenbosch met 'n

aanlyn voorvertrek-oriëntering begin, en afsluit met nabetrugting- en herenigingssessies net voordat hulle weer vertrek. Dít sal verskeie voordele inhou, waaronder beter inligtingsbestuur, beter studentevoorbereiding en -ervarings, beter assessering en evaluering, en die vermoë om die ervaring as 'n globale leerreis te verpak. Tweedens sal 'n aantal komponente van die deurlopende oriëntering na 'n digitale platform verskuif. Opnames van bestaande sessies sal op die platform voorsien word sodat studente dit teen hul eie tempo kan voltooi, en slegs 'n beperkte stel aktiwiteite sal gedurende die (tradisionele) oriënteringsweek aangebied word. US Internasionaal sal mettertyd ook nuwe moontlikhede vir byvoeging in komende semesters ondersoek om 'n wêreldklas- globale leerervaring vir studente te skep.

Omdat globale diensleer 'n diensleermodule is, is dit moeilik om dit na die kuberruim te verskuif. Nietemin het hierdie uitdaging tot insigte gelei wat van groot nut sal wees vir 102 Study Abroad en ander aanlyn programme wat die GEC dalk in die toekoms kan aanbied. Die klas is in 'n kultureel-antropologiese studie van die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing en identiteitskonstruksie omskep. Die herontwerpte kursus vang die gees van internasionale samewerking, kritiese denke en studie van die Suid-Afrikaanse identiteit en hedendaagse samelewing vas, wat die kern van globale diensleer uitmaak.

Globale leeraktiwiteite

Nagraadse seminaar van die Global Alliance of Universities on Climate (GAUC): Met die US as 'n lid van GAUC, het Tsinghua-universiteit, wat as GAUC-stigtingsvoorsitter dien, geen tyd verspeel nie, en het reeds die alliansie se eerste nagraadse seminaar aangebied. Die doel was om alliansievennote se nagraadse studente in omgewing- en volhoubaarheidstudies uit verskillende dissiplines byeen te bring om hul wetenskaplike denke oor 'n verskeidenheid onderwerpe in verband met wêreldwye klimaatsverandering te verken en uit te brei. Drie nagraadse studente van die US het hierdie seminaar teen die einde van November 2019 bygewoon.

Toenemende studentemobiliteit op die vasteland: Die VS: Strategie en Internasionalisering fokus doelbewus daarop om die US se studentemobiliteitsprogram na ander universiteite in Afrika uit te brei om bewustheid te wek van die hoëronderwysuksesse, -strukture en -uitdagings op die vasteland. 'n US-studenteafvaardiging het die Universiteit van Lagos (UNILAG), Nigerië, in Oktober 2019 saam met kollegas van die CCA en die Afdeling Studentesake besoek. Die besoek het plaasgevind in die nadraai van 'n reeks xenofobiese voorvalle in Suid-Afrika, wat vergeldingsaanvalle op




Suid-Afrikaanse ondernemings in Nigerië tot gevolg gehad het. Deur die diplomatieke ingryping van die Suid-Afrikaanse regering is die gespanne omstandighede gelukkig goed genoeg bestuur sodat die besoek kon voortgaan. Die studente, almal lede van die SR vir 2018/19 (foto bo), het met hul eweknieë gesprek gevoer, 'n oorsig van die gasheerinstelling ontvang, deelgeneem aan UNILAG se eerste internasionale week saam met, onder meer, die Universiteit van Aberdeen, die Duitse Akademiese Uitruildiens (DAAD), Campus France, SOAS (VK) en UK Research and Innovation, en het boonop 'n sitting in die Nigeriese parlement bygewoon.

Die ontwikkeling van wêreldburgers: Vier US-studente het aan die jaarlikse wêreldburgerskapsprogram (foto regs) deelgeneem wat die US in samewerking met twee kernvennote, die Universiteit van Stuttgart (Duitsland) en St. Xavier-kollege (Indië), aanbied. Studente van die Universiteit van Bergamo (Italië) het ook aangesluit. Die onderwerp van vanjaar se projekweek (mobiliteitskomponent), wat van 8 tot 16 Februarie 2020 in Moembai, Indië, aangebied is, was “Globalisasie en biblioteke” en het op groepeerbiedings uitgeloop. Die program is ’n gemengdeleerkursus met sowel ’n aanlyn as ’n mobiliteitskomponent. Die oorhoofse tema van die kursus was “In gesprek met globalisasie”. Ander onderwerpe wat in die kursus behandel is, sluit in politiek, ekonomie en letterkunde.



Ontwikkeling van ’n globale leierskapskursus: Die enorme omvang, kompleksiteit en dringendheid van die uitdagings van die moderne wêreld vereis meer responsiewe en verantwoordelike leierskap in openbare, privaat én vrywilligerorganisasies. Daarom het US Internasionaal ’n kortkursus oor wêreldleierskap ontwikkel vir senior studente wat belang stel in, en aangelê is vir, organisatoriese leierskap in wêreldverband. Die kruisdissiplinêre kursus sal studente met die nodige vaardighede, kennis en gesindhede toerus om wêrelduitdagings die hoof te bied. Kerngebiede wat behandel sal word, is veerkragtigheid, emosionele intelligensie, interkulturele vaardighede, wêreldetiek en -volhoubaarheid. Die kursus sal van gemengde, projek- en ervaringsleer gebruik maak. Studente sal kursusinhoud aanlyn bestudeer en dan kontaksessies gebruik om hulle kennis gedurende terreinbesoeke en groepsamewerkingsprojekte met verskillende organisasies in die groter Stellenbosse gemeenskap toe te pas. Groepe sal uit ’n gelyke hoeveelheid internasionale en Suid-Afrikaanse studente bestaan. Die kursus sal ten volle geakkrediteer wees en suksesvolle deelnemers sal ’n bevoegdheidsertifikaat ontvang.



Kern Strategiese Tema 3

Doelgerigte Vennootskappe en
Inklusiewe Netwerke

Om die Universiteit Stellenbosch (US) se vennootskappe en netwerke uit te bou en te bevorder, poog die VS: Strategie en Internasionalisering om die US se bande met ander hoëronderwysinstellings oor die wêreld heen te fasiliteer, te bevorder en te omarm. Die institusionele strategie vir internasionalisering doen veel om die uitbreiding van die US se vennootskappe in hoër onderwys wêreldwyd te verryk en om ons internasionale reputasie te versterk. Ons bilaterale vennootskappe is uitgebrei deur nuwe vennootskappe met die Universiteit van St Andrews, die Tegniese Universiteit Dresden en dat die US die voorkeurvennoot vir die SKEMA Besigheidskool is. Ons het ons aktiewe samewerking met onder meer Groningen-, Hamburg- en Northwestern-universiteite versterk en uitgebou. Die afgelope jaar het ons ook die groei van die US Afrika-platform ondersteun, multilaterale samewerking opgebou, verhoudings met belanghebbendes gekweek deur besoeke van afvaardigings, asook die bywoon van internasionale konferensies en seminare.

Bilaterale vennootskappe

US Internasionaal se werkgroep vir vennootskapsontwikkeling beoordeel versoeke vir nuwe bilaterale vennootskappe op fakulteits-, departementele en institusionele vlak, en oorweeg die hernuwing van bestaande vennootskappe. Sien tabel 9 op bladsy 66 vir 'n lys van die ooreenkomste wat tussen 1 Julie 2019 en 30 Junie 2020 aangegaan of hernu is. Ondanks die uitdagings wat die COVID-19-pandemie vir internasionalisering inhou, is daar steeds groot belangstelling by buitelandse universiteite om 'n formele verbintenis met die US te skep, hetsy op institusionele, fakulteits- of departementele vlak. Bogenoemde werkgroep het tans verskeie versoeke op hulle agenda. Sien tabel 10 op bladsy 67 vir 'n lys. Die hernuwing van bestaande bilaterale vennootskappe en die ontwikkeling van nuwes het die afgelope jaar weer heelwat tot die bou van doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke bygedra:

Technische Universität Dresden (TU Dresden): TU Dresden is een van tien Duitse universiteite met die gesogte titel “Universiteit van Uitnemendheid” vir die tydperk 2019–2026. Om vir die ontwikkeling van 'n omvattende vennootskap met TU Dresden voor te berei, het die Rektor en Visekanselier van die US, prof Wim de Villiers, en prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisering, op 7 en 8 Februarie 2020 besoek ontvang van 'n afvaardiging onder leiding van die Rektor van TU Dresden, prof Hans Müller-Steinhagen. Ander lede van die TU Dresden-afvaardiging was prof Gerhard Rödel, Viserektor: Navorsing; prof Clemens Kirschbaum, hoof van hulle Fakulteit Natuurwetenskappe, en prof Wolfgang Nagel, hoof van IT en hoëprestasieberekening. Afgesien van vergaderings met lede van die US se Rektoraat, het die afvaardiging ook met akademici van Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese, Chemie, Psigiatrie en die Skool vir Datawetenskap en Rekenaar-denke ontmoet. TU Dresden se hoof van internasionalisering, me Katharina Schmitt, het later 'n opvolgbesoek afgelê om internasionaliseringsprojekte vir die vennootskap te bepaal.

Universiteit van St Andrews: Die US en die Universiteit van St Andrews het op 6 Februarie 2020 'n memorandum van verstandhouding (MvV) onderteken om nuwe lewe te blaas in die samewerking wat in 2005 die dryfkrag agter die US se beleid oor gesamentlike PhD-programme was. Die plan is om samewerking in politieke wetenskap, chemie en sportverwante gemeenskapsinteraksie uit te bou. Onderhandelinge om 'n uitruilprogram vir studente in BCom Internasionale Besigheid saam te stel, sal nou 'n aanvang neem.



BO: Prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisering by die US, en prof Brad MacKay, Viserektor: Internasionale Strategie en Eksterne Betrekkinge by die Universiteit van St Andrews, onderteken die MvV.

SKEMA-bestuurskool: Die US is gekies as voorkeurvennoot om as gasheer vir 'n kampus van die SKEMA-bestuurskool in Suid-Afrika op te tree. Dié vennootskap is op 31 Januarie 2020 in die Adam Small-teater op die Stellenbosch-kampus bekend gestel. Prof Hester Klopper, die US se Viserektor: Strategie en Internasionalisering, en mnr Damien Roux, SKEMA-direkteur van globale bemaking en kommunikasie, het by hierdie geleentheid 'n formele ooreenkoms namens die twee instellings onderteken. Die ooreenkoms is die volgende stap in 'n lang verhouding tussen SKEMA en die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB). Die vennootskap is 'n goeie hupstoot vir die US se strewe om die getal internasionale studente op kampus te verhoog. Dertig studente is as deel van die eerste kohort verwelkom, en dié getal behoort mettertyd toe te neem. Die vennootskap sal na verwagting gesamentlike programme, navorsingsprojekte, fakulteitsuitruilprogramme en US-studentemobiliteit na SKEMA-kampusse in ander wêrelddele oplewer.



BO: Prof Hester Klopper en mnr Damien Roux onderteken die ooreenkoms by die bekendstelling, met verteenwoordigers van die US, SKEMA, die Franse ambassade, die Franse sakekamer en SKEMA-studente wat toekyk. Foto: Stefan Els

Die bou van aktiewe samewerking

Internasionale vennootkonferensies: US Internasionaal het deelgeneem aan die Hamburgse konferensie vir strategiese vennote, wat deur die Universiteit van Hamburg, Duitsland, aangebied is (September 2019), en die Tilburgse internasionale vennootweek, waarvoor die Universiteit van Tilburg, Nederland, die gasheer was (Oktober 2019). Albei byeenkomste het geleenthede gebied om

US Internasionaal se programme met vennote s'n te vergelyk en bilaterale aktiwiteite te bespreek. Albei geleenthede het ook bevestig dat die US se verbintenis tot doelbewuste, omvattende internasionalisering wat alle vlakke en belanghebbendes van die Universiteit betrek, soos dit in die onlangs aanvaarde internasionaliseringstrategie verwoord word, met beste praktyk in Duitsland en Nederland strook. Aanbiedings het voorts daarop gedui dat US Internasionaal se prosesontwikkeling met betrekking tot globale leer 'n bydrae tot die internasionale diskoers oor die internasionalisering van leer en onderrig kan lewer.

Universiteit van Lausanne: Die US se Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, het die Universiteit van Lausanne (UNIL), Switserland, op 23 en 24 Januarie 2020 besoek. UNIL is 'n jare lange vennoot van die US, en dit was die twee instellings se eerste ontmoeting op rektoraatsvlak. Afgesien van 'n vergadering met hulle Rektor, prof Nouria Hernandez, het prof De Villiers ook met hulle Viserektor: Navorsing, Internasionale Betrekkinge en Voortgesette Onderwys, die dekaan van hulle Fakulteit Biologie en Geneeskunde sowel as verteenwoordigers van die departemente Digitale Geesteswetenskappe en Sportwetenskap ontmoet. Opvolgvergaderings oor mikrobiomnavorsing volg later in 2020. Die US se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe sal boonop samewerking met UNIL se Fakulteit Biologie en Geneeskunde op die gebied van kankernavorsing, immunologie en globale chirurgie ondersoek. UNIL het voorheen finansiële steun voorsien aan US-studente om 'n semester in Lausanne te voltooi. Nou het hulle daardie steun uitgebrei met die belofte van finansiële bystand sodat US-studente ook aan verskeie UNIL-somerskoolprogramme kan deelneem.

Universiteit van Groningen: 'n Virtuele afvaardigingsbesoek het op 30 Junie 2020 tussen die US en die Universiteit van Groningen in Nederland plaasgevind om 'n strategiese gesamentlike PhD-inisiatief verder te ontwikkel, en om maatreëls te bespreek om op dié twee instellings se bestaande samewerking op die gebied van die geneeskunde en gesondheidswetenskappe voort te bou. Finansieringsmeganismes sal gesamentlik ontwikkel word, met 'n daadwerklike poging om kandidate op grond van bestaande navorsingsamewerking te identifiseer.

Universiteit van Hamburg: US Internasionaal en die Afdeling Navorsingsontwikkeling het op 13, 20 en 27 Mei aan 'n aanlyn netwerkkonferensie met die Universiteit van Hamburg in Duitsland deelgeneem. Me Cornelia Malherbe, direkteur van Navorsingskontrakte, het 'n aanbieding gedoen oor die impak van COVID-19 op die US se navorsingskontrakportefulje, en me Sarah van der Westhuizen, GEC-bestuurder, het 'n praatjie aangebied oor uitdagings met studentemobiliteit en digitalisering.

Northwestern-universiteit: 'n Aantal aanlyn vergaderings is ook met die Viserektor: Internasionaal van Northwestern-universiteit in die VSA, dr Devora Grynspan, en kollegas gehou om virtuele studente-uitruilprogramme te ontwikkel en navorsingsamewerking op die terrein van globale gesondheid en datawetenskap aan te voor.

Uitbreiding van die US se Afrika-platform

Afrika-samewerkingstoelaag: US Internasionaal se Centre for Collaboration in Africa (CCA) ondersteun etlike werksessies en sowel die in- as uitwaartse aktiwiteite van personeellede, na-doktorale genote en nagraadse studente van die US. Dit geskied deur die Afrika-samewerkingstoelaag en hou verband met navorsingsprojekte, onderrig en leer, en, in die geval van nagraadse studente, konferensies in ander Afrika-lande. Die toelaag het oor die jare in 'n waardevolle meganisme ontwikkel om aktiwiteite tussen die US en ander Afrika-universiteite te ondersteun.

Die CCA het met die oog op aktiwiteite in 2019 en 2020 vier versoeke vir toelaagaansoeke uitgereik en 79 aansoeke ontvang. Altesaam 68 toelaes ter waarde van R2 225 200 is uiteindelik toegeken (sien tabel hieronder). Weens die onsekerhede met betrekking tot die COVID-19-pandemie en die uitwerking daarvan op internasionale beweeglikheid, is toekennings vir die tweede semester van 2020 gedoen met die toegewing dat mobiliteitsaktiwiteite na die eerste semester van 2021 uitgestel kan word.

Jaar van aktiwiteit	Aansoeke	Suksesvolle aansoeke	Bedrag	Totale bedrag vir die jaar se aktiwiteite
2019 (1 ^{ste} sem)	26	26	R779 200	R1 554 200
2019 (2 ^{de} sem)	29	21	R775 000	
2020 (1 ^{ste} sem)	12	9	R262 000	R671 000
2020 (2 ^{de} sem)	12	12	R409 000	

TABEL 11: Toekennings vir Afrika-samewerkingstoelaag.

Periperi U-sekretariaat: Die Periperi U-netwerk het sedert 1 Desember 2019 'n formele sekretariaat in die CCA. Periperi-U is 'n gevestigde netwerk van 12 universiteite oor die hele Afrika en het voorheen onder RADAR (die navorsingsalliansie vir ramp- en risikovermindering) in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe geval. Die vestiging van die formele sekretariaat het die verskuiwing van drie bestaande personelede ingesluit. Met die sekretariaat in die CCA is daar nou 'n geleentheid om inisiatiewe soos die US Skool vir Klimaat en GAUC (die internasionale universiteitsalliansie oor die klimaat) te ondersteun. Dit is moontlik danksy direkte toegang tot 32 Afrikavennootuniversiteite deur gekombineerde inisiatiewe soos die AUDA-NEPAD Netwerk van Watersentrums van Uitnemendheid (waarvan die SANWATCE-sekretariaat óók in die CCA geleë is) en Periperi-U. (Sien bladsy 46-47 vir die navorsingsverwante werk van PeriPeri-U en die AUDA-NEPAD SANWATCE.)

Africa Centre for Scholarship (ACS): 'n ACS-afvaardiging het die Afrika-unie- (AU-)kantore in Addis Abeba, Ethiopië, besoek om met die Direktoraat van Wetenskap, Tegnologie en Innovasie sowel as met dr Johannes Woldetensae, senior onderwyskenner, te ontmoet. Die doelwitte van die vergadering was om die ACS en sy programme aan die AU bekend te stel, meer uit te vind oor die AU se werk op hoëronderwysgebied, leiding te vra oor moontlike waardevolle vennootskappe, enige gebiede vir samewerking te bepaal, en wenke te kry oor huidige projekte wat moontlik van waarde kan wees. Die ACS-direkteur, prof Sarah Howie, het ook van 21 tot 23 Oktober 2019 aan 'n STIAS-kollokwium oor navorsing in Afrika deelgeneem en tot 'n paneel oor gender en navorsing in Afrika bygedra. STIAS het die hoofde en akademiese koördineerders van 'n aantal organisasies van verskillende dele van die vasteland genooi om oor hul ervarings en insigte te kom gesels, uitdagings en geleenthede te bespreek, en sinergieë in 'n gees van samewerking en onderlinge ondersteuning te verken. Daarbenewens het die ACS 'n plakkaat aangebied by 'n konferensie van die Duitse Akademiese Uitruildiens (DAAD). Die geleentheid, wat oor belegging in die hoër onderwys en vaardighede in Afrika handel het, het op 25 Oktober 2019 in Brussel plaasgevind.

Viering van Afrikadag: Die US het op 25 Mei 2020 weer aan die jaarlikse Afrikadagvieringe deelgeneem, hoewel dit vanjaar aanlyn moes gebeur. Die dag het begin met 'n e-pos aan die US se Afrika-platform-gemeenskap met 'n [boodskap van prof Hester Kloppe](#)r, Viserektor: Strategie en Internasionalisering, wat die aandag gevestig het op van die US se samewerkingsprojekte met ander Afrika-vennote in reaksie op die COVID-19-pandemie. Voorts is 'n [meningsartikel](#) deur dr Nico Elema getiteld "Africa Day: A continent united in the battle against Covid-19" op news24.com gepubliseer. 'n [Video](#) oor die US se vennootskappe met ander universiteite en navorsingsinstellings van Afrika is ook uitgereik. In ander aktiwiteite het dr Njeri Mwagiru, 'n senior toekomskundige van die US se Instituut vir Toekomsnavorsing, aan 'n webinaar van die Durbanse Universiteit vir Tegnologie deelgeneem. Haar aanbieding het handel oor die impak van die wêreldwye pandemie op Afrika se Agenda 2063. Die US se Afrika-platform-gemeenskap is ook genooi om deel te neem aan 'n dag lange aanlyn program oor die tema "COVID-19 en Afrika se toekomstige ontwikkeling: uitdagings en geleenthede". Die geleentheid is deur onder meer die nasionale Departement van Wetenskap en Innovasie (DWI), die Afrika-unie en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) gereël.

Multilaterale samewerking en netwerke

Internasionale Universiteit van Venesië (VIU): Die US is die eerste universiteit van Afrika wat toegelaat word tot die Internasionale Universiteit van Venesië – 'n groep toonaangewende universiteite van oor die hele wêreld wat 'n kampus in Venesië, Italië, deel. Lid-universiteite ontwerp studieprogramme om hul studente vir hedendaagse wêrelduitdagings toe te rus, soos volhoubare ontwikkeling, klimaatsverandering, omgewingsekuriteit, stedelike groei, wêreldetiek en menseregte. VIU vervul sy rol as konsortium deur 'n innoverende platform vir transnasionale onderwys te voorsien. Interdisiplinêre en vergelykende metodes word gebruik om alle studente in staat te stel om komplekse probleme uit nuwe en innoverende hoeke te benader.

International Sustainability Campus Network (ISCN): In 2018 het die US deel geword van die ISCN, 'n internasionale forum waar hoër onderwys instellings ondersteun word deur die uitruil van inligting, idees en beste praktyke om volhoubare kampusbedrywighede te bewerkstellig en om volhoubaarheid in navorsing en onderrig te integreer. Die US se volhoubare wateroptimiseringsprojek is aangewys as die naaswenner die ISCN-toekennings 2020. Die Afdeling Fasiliteitsbestuur het die wateroptimiseringsprojek ingeskryf in die Whole Systems Approach-kategorie. Die innoverende gryswaterstelsel, elektroniese meters, asook ander waterverminderingsintervensies vorm deel van die groter wateroptimiseringsprojek. Die eerste fase van die gryswaterstelsel op kampus het 'n 50%-vermindering in munisipale drinkwater opgelewer en 'n afname van 50% in die gebruik van besproeiingswater. Die stelsel vang water vanaf storte by koshuise op, behandel dit en laat dit terugvloei in die stelsel om vir spoeltoilette gebruik te word.

VitaGlobal: Erasmus+-vermoëboupromjek: US Internasionaal en die Departement Wingerd- en Wynkunde het van 25 tot 29 Februarie 2020 die eerste opleidingsessie vir die VitaGlobal Erasmus+-vermoëboupromjek aangebied. Die projek bring 17 hoëronderriginstellings van nege lande byeen om universiteite se bydrae tot plaaslike ontwikkeling te versterk. Die hoofdoel is om 'n kurrikulumontwikkelingsprojek te ontwerp wat daarop gerig is om die ontwikkelende landbousubsektor in die instellings se onderskeie streke te ondersteun.

AC21- ("Academic Consortium of 21")-netwerk: Die US het aan AC21 se versoek vir aansoeke om spesiale projekfinansiering vir 2020 deelgeneem. Die Universiteit was die hoofaansoeker in een suksesvolle aansoek, en 'n medeaansoeker in 'n verdere twee. Die finansiering is bedoel om samewerkende navorsingsaktiwiteite tussen vennootinstellings te bevorder. Die US is ook 'n lid van die bestuurkomitee wat aktiwiteite van die konsortium oorsien in samewerking met Nagoya-universiteit, wat die sekretariaat is.

Titel van AC21-aktiwiteit	US-navorser	US-departement	Instelling 1	Instelling 2	Instelling 3	Instelling 4
Natuurlike produkte vir gesonde veroudering: van molekulêre teikens tot terapie	Prof Hans Strijdom	Geneeskundige Fisiologie	Universiteit van Straatsburg (Frankryk)	Universiteit van Adelaide (Australië)	US	
Pre-kliniese ontwikkeling van antimikrobiese peptiede	Prof Marina Rautenbach	Biochemie	Universiteit van Minnesota	Universiteit van Straatsburg (Frankryk)	US	Universiteit van Freiburg (Duitsland)

			(Verenigde State)			
Regerings en ekonomiese ontwikkeling deur die geskiedenis: data en benaderings tot die studie van kolonialisme, onafhanklikheid en ontwikkeling	Prof Johan Fourie	Ekonomie	US	Universiteit van Adelaide (Australië)	Universiteit van Minnesota (Verenigde State)	Universiteit van Straatsburg (Frankryk), Chulalongkorn-universiteit (Thailand)

TABEL 12: Toekennings vir AC2I 2020 spesiale projekfinansiering.

Suid-Afrika-Nordiese Universiteitsnetwerk (SANORD): 'n US-student in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe was suksesvol in sy aansoek om die Brian O'Connell-beurs om sy MCom-graad aan die Universiteit van Lund te voltooi. Die waarde van die toekenning is R50 000. Die US se prof Nadine Bouwers-Du Toit was boonop 'n suksesvolle medeaansoeker in 'n SANORD-gefinansierde navorsingsprogram oor die kommissies vir waarheid en versoening in Suid-Afrika en Noorweë. Vennote in dié program is die Universiteit van Wes-Kaapland en die VID Gespesialiseerde Universiteit, Noorweë (hoofaansoeker).

Global Alliance of Universities on Climate (GAUC): Vanjaar se GAUC-direksievergadering op 21 Januarie 2020 in Davos, Switserland, het met die Wêreld- Ekonomiese Forum (WEF) saamgeval. Die US se Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, het die geleentheid bygewoon. Kanseliers, voorsitters en ander senior verteenwoordigers van GAUC-lid-universiteite het hier saamgetrek om die hoogtepunte van die groep se werk in 2019 te bespreek en vir 2020 te beplan. Ná 'n gesamentlike verbintenis deur 'n aanvanklike groep van agt universiteite, is GAUC in 2019 deur 12 stigterslede in die lewe geroep. Deelnemers aan die Davos-vergadering was verteenwoordigers van die Australiese Nasionale Universiteit, die Universiteit van Cambridge, die Federale Universiteit van Rio de Janeiro, Imperial College London, die Londense Skool vir Ekonomiese en Politieke Wetenskappe, die Massachusetts Instituut vir Tegnologie, Sciences PO, die Universiteit van Tokio, Tsinghua-universiteit, die Universiteit van Oxford, Columbia-universiteit en die US. Prof De Villiers het ná die direksievergadering ook 'n paneelbespreking by 'n GAUC-geleentheid op die WEF-program gelei. Die tema van die geleentheid was die rol van universiteite in die stryd teen klimaatsverandering, en die paneel het beraadslaag oor hoe universiteite onderwys, navorsing en openbare skakeling kan gebruik om verandering teweeg te bring.



BO: Prof Wim de Villiers (heel links) as deel van die paneel by die Wêreld- Ekonomiese Forum in Davos, Switzerland.



BO: Prof Hester Kloppe by 'n raadsvergadering van die GAUC in Beijing, China in 2019.

Universiteitsnetwerk vir die sosiale wetenskappe: US Internasionaal het in November 2019 die stigtingskonferensie van die universiteitsnetwerk vir die sosiale wetenskappe (SSUN) in Rome bygewoon. Die netwerk, wat tans uit 22 universiteite uit verskillende wêrelddele bestaan, is 'n inisiatief van LUISS-universiteit in Rome en Renmin-universiteit in China. Die SSUN streef daarna om uitruilprogramme van gehalte te ontwikkel en geleenthede te skep om gesamentlike navorsingsprojekte te onderneem en akademiese innovasie in die geestes- en sosiale wetenskappe in die hand te werk. Die netwerk sal universiteite aanmoedig om saam te werk aan talentontwikkeling, wetenskaplike navorsing, akademiese innovasie en die skryf van beleide en regulasies. Die US is 'n lid van die bestuurskomitee.

Internasionale netwerk vir volhoubare kampusse (ISCN): Al ons doelgerigte en harde werk om te sorg dat die US tot 'n volhoubare omgewing verbind is, en om ons sistemiese volhoubaarheid vir toekomstige geslagte te verseker, is formeel erken toe die Universiteit tot die internasionale netwerk vir volhoubare kampusse (ISCN) toegelaat is. Die ISCN is 'n universiteits- en kollegevereniging sonder winsoogmerk met lede in meer as 30 lande. Hul missie is om 'n internasionale forum te bied wat hoëronderwysinstellings bystaan om inligting, idees en beste praktyk vir volhoubare kampusbedrywighede uit te ruil, en om volhoubaarheid by navorsing en onderrig te integreer.

Suid-Afrika-Swede-universiteitsforum (SASUF): SASUF is nóg 'n projekgebaseerde netwerk wat navorsers van 13 Sweedse en 23 Suid-Afrikaanse instellings byeenbring. Die US het in 2019 die tweede SASUF-konferensie op Stellenbosch aangebied. Bykans 450 navorsers van albei lande het die geleentheid bygewoon. Die netwerk stel finansiering beskikbaar aan navorsers van vier of meer lidinstellings. Die beskikbare finansiering vir 2019 was R140 000 per projek. Tien van die US se navorsers is tans by verskillende projekte met ander lid-instellings betrokke. Sien tabel 13 op bladsy 68 vir 'n lys van dié projekte.

Besoeke deur afvaardigings en internasionale belanghebbendes

Deur besoekende afvaardigings te ontvang, het US Internasionaal in die verslagtydperk voortgegaan om nuwe vennootskappe te ondersoek en bestaandes uit te bou.

Verteenwoordigers van die volgende instellings het die US besoek om bande te smee: die Tegniese Universiteit Nanjing (China) vir moontlike samewerking met Prosesingenieurswese; die Universiteit van Bordeaux (Frankryk) om huidige samewerking met Wingerd- en Wynkunde uit te brei; die Pardubice-universiteit (Tsjeggiese Republiek) vir samewerking met Na-oestegnologie op die gebied van chemiese tegnologie; die Universiteit van Réunion (Frankryk) vir samewerking op die gebied van ingenieurswese en tegnologie, en Tampere-universiteit (Finland) en die Malawiese Universiteit vir Wetenskap en Tegnologie (Malawi) vir samewerking met die Fakulteit Natuurwetenskappe.

Verteenwoordigers van die volgende vennootinstellings het ook besoek afgelê: Humboldt-universiteit Berlyn (Duitsland) om die US te nooi om saam te werk aan 'n DAAD-projek oor die ontwikkeling van nuwelingsnavorsers, en aan 'n EU-projek oor die digitalisering van internasionalisering; Universidade de São Paulo (Brasilië) om bestaande samewerking na die gebiede van ekonomie en bestuur uit te brei; die Normaaluniversiteit Zhejiang (China) om bestaande samewerking na Innovus uit te brei; die Christelike Universiteit Texas, Houston (VSA) om studentemobiliteit vir 2020 te bevestig; Karlsruhe Universiteit vir Toegepaste Wetenskappe (Duitsland) om oor uitruilplekke vir studente in BCom Internasionale Besigheid en in die internasionale uitruil- en internskapprogram vir ingenieurswese ooreen te kom; TU Dresden (Duitsland) om samewerking buite die vakgebiede van chemie en polimeerwetenskap uit te brei; die Universiteit van Utrecht (Nederland) om institusionele bande tussen die twee instellings se internasionale kantore te verstewig, en die Universiteit van Bath (Engeland) om samewerking tussen biblioteke te verdiep.

Die US het ook verteenwoordigers van regerings, internasionale organisasies en ontwikkelingsagentskappe besoek of op kampus verwelkom. Die Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, het lede van die Kaapstadse konsulêre korps ontvang om hulle van die US se *Visie 2040* en die *Strategiese Raamwerk 2019–2024* te vertel. Die besoekers is ook oor die US se internasionaliseringstrategie en die pas gestigte US Skool vir Datawetenskap en Rekenaardienke ingelig.

Prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisering, het 'n tafelrondegesprek oor die hoër onderwys en universiteitsamewerking tussen Europa en Suider-Afrika by die Universiteit van Pretoria bygewoon. Hierdie gesprek met die Italiaanse Minister van Onderwys, Universiteite en Navorsing, mnr Lorenzo Fioramonti, en ander uitgelese verteenwoordigers van die Italiaanse hoëronderwyssektor het gehandel oor die rol van universiteite om bilaterale samewerking te versterk. Deelnemers het ook beraadslaag oor die ontwikkeling van wetenskaplike vennootskappe om sowel Italië as Suid-Afrika se toekomstige vaardigheidsuitdagings die hoof te bied.

Innovus en US Internasionaal het aan 'n wetenskap-sake-samewerkingsvergadering deelgeneem om geleenthede vir samewerking tussen Suid-Afrika en China te ondersoek. Die Wetenskapakademie van Suid-Afrika (ASSAf) en die provinsiale departement van wetenskap en tegnologie van Zhejiang was medegashere van die geleentheid, wat op 10 September 2019 by die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum aangebied is.

Die GEC het met Heidi Manley, die hoof van USA Study Abroad in die Buro vir Onderwys- en Kultuursake van die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake, sowel as kollegas van die Amerikaanse konsulaat-generaal in Kaapstad ontmoet.

Internasionale konferensies en seminare

Europese Vereniging vir Internasionale Onderwys (EAIE): US Internasionaal het die US van 23 tot 25 September 2019 by die jaarkonferensie van die Europese Vereniging vir Internasionale Onderwys (EAIE) in Helsinki, Finland, verteenwoordig. Die geleentheid is deur meer as 6 000 kollegas van oor die hele wêreld bygewoon, en het 'n Study South Africa-stalletjie ingesluit. Die konferensie het US Internasionaal 'n geleentheid gebied om met internasionale vennote te ontmoet, bande te verstewig en verhoudings te versterk, vordering en uitdagings te bespreek, oplossings te bedink, en vir die implementering van Erasmus+-mobiliteitsprogramme van 2020 te beplan. Altesaam 34 vergaderings met vennote en potensieële vennote het oor die drie dae plaasgevind, met bykomende skakeling in die vorm van informele ontmoetings en formele onthale, sowel as netwerkvergaderings.

Vereniging vir Internasionale Onderwysadministrateurs (AIEA): Om die US se internasionale strategiese posisionering verder te verstewig en vas te lê, het prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisering, die jaarkonferensie vir 2020 van die Vereniging vir Internasionale Onderwysadministrateurs (AIEA) in Washington DC, Verenigde State, bygewoon. Deelnemers aan die konferensie – die enigste geleentheid wat spesifiek afgestem is op diegene wat die internasionaliseringsportefeulje by hoërondewysinstellings bestuur – het beraadslaag oor 'n nuwe benadering tot omvattende internasionalisering vir 'n globale generasie. Dit het van 16 tot 19 Februarie 2020 plaasgevind, met voorkonferensiewerksessies op 15 Februarie. Die werksessies het oor onderwerpe soos die aanvaarding van virtuele uitruilgeleenthede op kampusse sowel as geslagsrolle in internasionale onderwysleierskap gehandel. Verskeie konferensiesprekers het nuwe tegnologieë en strategieë vir internasionalisering by 21ste-eeuse hoërondewysinstellings aangebied, met die klem daarop om die begrip “omvattende internasionalisering” te herbedink en te herdefinieer. Daar was ook geleenthede vir skakeling, en prof Klopper het met verteenwoordigers van nege universiteite ontmoet om moontlike vennootskappe met die US te bespreek. Dit het ingesluit Yale-universiteit (VSA), Tufts-universiteit in Boston, Massachusetts (VSA) en Polytechnique Montréal (Kanada).




BO: Prof Hester Klopper met Prof Lucien Chukwu van Nigerië by die AIEA in Februarie 2020.

Aanlyn ACU-US-konferensie oor “Kuns in vrede en versoening”: Die US het van 9 tot 12 Junie 2020 as medegasheer opgetree vir die internasionale konferensie getiteld “Kuns in vrede en

versoening: 'n Transnasionale perspektief" in samewerking met die Vereniging van Statebondsuniversiteite (ACU). Die geleentheid sou aanvanklik op die US-kampus plaasvind, maar het uiteindelik weens COVID-19 aanlyn geskied. Die konferensie was die eerste aktiwiteit van ACU se Netwerk vir Vrede en Versoening, en prof Pumla Gobodo-Madikizela was die dryfkrag daaragter.

Die Statebondsnetwerk vir Vrede en Versoening beoog om diegene wat in vrede en versoening belang stel te verbind en te ondersteun, samewerking te fasiliteer, en lesse uit te ruil oor waarheidverkondiging en versoening in die samelewing in die algemeen en by universiteite in die besonder. Meer as 280 toonaangewende akademici, navorsers, kunstenaars en professionele steunpersoneel van meer as 40 universiteite van oor die hele Statebond het aanlyn vir 'n reeks interaktiewe paneelbesprekings byeengekom.

Prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier én die voorsitter van die netwerk, het afgevaardigdes gedurende die hoofsessie verwelkom. Prof Gobodo-Madikizela se aanbieding het ondersoek ingestel na "herstellende humanisme" en die belangrike rol wat dit speel in hoe mense aansluiting vind by, en empatie toon met, mekaar se trauma. [Klik hier](#) vir meer inligting oor die konferensieprogram en -sprekers.



Kern Strategiese Tema 4

Genetwerkte en Samewerkende
Onderrig en Leer

Die doelstellings van hierdie tema is daarop gemik om leergeleenthede te skep waar studente, personeel en alumni betekenisvolle leer kan ervaar. Die VS: Strategie en Internasionalisering het deur die werk van US Internasionaal gewerk om die US se kennisaanbieding na nuwe studentemarkte uit te brei. Die Afrika Doktorale Akademie, met sy jaarlikse somer- en winterskole, is lank reeds 'n manier om ons onderrig en leer met gevorderde studente reg oor Afrika te deel. Die gesamentlike skole wat deur die African Centre for Scholarship aangebied word, het verder gegaan deur nie net opleiding in akademiese skryfvaardighede aan te bied nie, maar het ook op onderwerpe soos konflikthantering, onderwys en ekonomie gefokus.

Gesamentlike skole

Die African Centre for Scholarship (ACS) het drie gesamentlike doktorale skole in vennootskap met instellings op die vasteland aangebied, een daarvan in samewerking met KU Leuven, België. Die eerste gesamentlike ACS–KU Leuven doktorale skool in Ethiopië is saam met drie Ethiopiese universiteite (Mekelle, Arba Minch en Bahir Dar) gehou. Dit het van 4 tot 17 Augustus 2019 by die Universiteit van Mekelle plaasgevind. Altesaam 43 afgevaardigdes van die drie Ethiopiese universiteite het deelgeneem, van wie 20 van Mekelle was.

Die gesamentlike skool by die Universiteit van Rwanda is van 1 tot 4 Oktober 2019 op Gikondo-kampus in Kigali aangebied met die klem op akademiese skryfvaardighede. Die 20 deelnemers van vier kampusse van daardie universiteit (Gikondo, Nyarugenge, Remera en Huye) was almal personeellede, van tutoriaalassistent tot 'n senior dosent. Onderwerpe op die terrein van konflikbestuur, opvoedkunde en ekonomie is behandel. Die Universiteit van Rwanda het die ACS vervolgens versoek om as vennoot te dien in 'n aansoek by die Sweedse internasionale ontwikkelingsamewerkingsagentskap (SIDA) om finansiering vir verdere gesamentlike skole te bekom.

Die program vir gesamentlike skole in Afrika het ook van 18 tot 22 November 2019 sy eerste navorsingsopleidingsessie by die Universiteit van Lagos, Nigerië, aangebied. Prof Sarah Howie (ACS) en prof Ruth Albertyn (Sentrum vir Hoër en Volwasseneonderwys) het die werksessie saam met twee personeellede van die Universiteit van Lagos gefasiliteer. Me Corina du Toit (Afrika Doktorale Akademie van die ACS) het die US-afvaardiging vergesel om met die reëlings te help. Nege-en-dertig personeellede en studente van die universiteite van Lagos, Jos en Ilorin sowel as Nnamdi Azikiwe-universiteit het die opleiding bygewoon.

Die ACS het in Desember 2019 'n toekenning uit die Strategiese Fonds ontvang om die program vir gesamentlike skole in Afrika met die oog op ontluikende vakkundiges van stapel te stuur. Die doel is om binne drie jaar 12 navorsingskapasiteitsbouskole in nege lande in Afrika suid van die Sahara te fasiliteer. Personeellede van verskillende US-fakulteite en -entiteite én van die gasheerinstellings sal die skole aanbied.

Afrika Doktorale Akademie


Die eerste Afrika Doktorale Akademie- (ADA-)lenteskool, wat die bestaande jaarlikse somer- en winterskole aanvul, het van 14 tot 16 Oktober 2019 plaasgevind en 19 afgevaardigdes het dit bygewoon. Die skool het op die ontwerp van, en datainsameling deur, onderhoude, waarneming en vraelyste gekonsentreer. Die teikengehoor was studente in 'n vroeë stadium van hul nagraadse studie.

By die jaarlikse ADA-somerskool van 6 tot 17 Januarie 2020 het fasiliteerders van Boston-kollege (VSA), die Kaapstad-musiekakademie, die SAUK, Creighton-universiteit (Omaha, VSA), KU Leuven (België), St Gallen-universiteit, Switserland, die US, Trinity College Dublin (Ierland) en die Universiteit van Nebraska (Lincoln, VSA) 21 werksessies aangebied. Altesaam 370 deelnemers het dit bygewoon. 'n Derde van die deelnemers was van 15 Afrika-lande buiten Suid-Afrika. 'n Spesiale toevoeging vanjaar was die deelname deur tien personeellede van die Malawiese Universiteit vir Wetenskap en Tegnologie danksy 'n nuwe samewerkingsprojek met die US se Fakulteit AgriWetenskappe.

Weens die impak van die COVID-19-pandemie het die ADA-winterskool op 6 Julie en weer van 13 tot 24 Julie 2020 vyf aanlyn kursusse aangebied met fasiliteerders van die US, die universiteite van Michigan en Nebraska (Verenigde State) sowel as Trinity College Dublin (Ierland). Dít was moontlik danksy die ondersteuning van die Sentrum vir Onderrig en Leer, die Sentrum vir Leertegnologieë, en Innovus.

Met die ondersteuning van die Centre for Collaboration in Africa, het die ACS ook sy vennootskappe met die US se bilaterale vennote en met lede van die African Research Universities Alliance (ARUA) versterk. Beurse is toegestaan aan 15 afgevaardigdes van instellings in die program vir ontlukende vakkundiges (universiteite van Lagos en Rwanda) om aan die winterskool deel te neem. Die vraag na dié geleentheid was oorweldigend, met meer as 200 aansoeke.


Daarbenewens het die ACS personeellede van die ADA afgevaardig om die US se Skool vir Datawetenskap en Rekenaardele 'n datawetenskapwinterskool te help aanbied, wat die vorm aangeneem het van twee aanlynkursusse van 20 tot 24 Julie 2020.



GRAFIEK I: Data van afgevaardigdes by ADA Skole.

Samewerkende aanlyn internasionale leer

Ter ondersteuning van genetwerkte en samewerkende onderrig en leer het twee US-personeellede aan 'n projek vir samewerkende aanlyn internasionale leer ("COIL") van die Universiteit van Ohio deelgeneem. Die projek het bestaan uit inleidende aanlyn leersessies vir akademië, deelname aan 'n internasionale skakelingsprogram by die Universiteit van Ohio, en bywoning van 'n konferensie oor aanlyn leer van 19 tot 27 Oktober 2019. Die US-akademië wat hieraan deelgeneem het, het COIL by hulle leerprogramme vir 2020 in onderskeidelik die Fakulteit Opvoedkunde en die Skool vir Rekeningkunde ingesluit.



Kern Strategiese Tema 5

Navorsing vir Impak

Op die gebied van navorsing streef die Universiteit Stellenbosch (US) daarna om 'n groter impak op wetenskaplike, ekonomiese, sosiale, akademiese en kulturele vlak te maak. Die VS: Strategie en Internasionalisering speel 'n rol in die ondersteuning van die navorsingsdoelwitte deur die koestering van navorsingsvennootskappe en deelname aan navorsingsnetwerke, soos die African Research Universities Alliance (ARUA), die Suider-Afrikaanse Netwerk van Watersentrums vir Uitnemendheid (SANWATCE), en die werk van die PeriPeri-U-sekretariaat. Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur het onlangs 'n interaktiewe PowerBI™-visualisering van navorsingsdata ontwikkel wat die Afdeling Navorsingsontwikkeling (DRD) jaarliks insamel. Die VS se werk in navorsing ondersteun die US se doel om samewerkende en interdisiplinêre navorsing te fasiliteer wat die grootste uitdagings van die samelewing aanspreek.

ARUA Sentrum van Uitnemendheid in Energie


As gevolg van COVID-19 is die kampusbedrywighede van die African Research Universities Alliance (ARUA) se Sentrum van Uitnemendheid in Energie, wat by die US geleë is, tydelik gestaak. Nietemin kon die sentrum verskeie beskikbare instrumente gebruik om sy navorsingsmomentum te behou. Die sentrum kommunikeer steeds gereeld met finansiers en medewerkers, en is voortdurend op soek na nuwe geleenthede om met ander Afrika-instellings te skakel. Die US het omvattende maatreëls getref vir die voortsetting van werksaamhede wat buite die kampus kan geskied. Die sentrum dra hiertoe by deur te sorg dat sy nagraadse studente se aktiwiteite en tydlyne so min moontlik geraak word. Die sentrum ontwikkel ook tans sy nuwe webtuiste, wat in die tweede semester bekend gestel sal word.

Suider-Afrikaanse Netwerk vir Watersentrums van Uitnemendheid

As een van sy aktiwiteite, is die AUDA-NEPAD Suider-Afrikaanse Netwerk van Watersentrums vir Uitnemendheid (SANWATCE) verantwoordelik om die SAOG-navorsingsagenda vir waterwetenskap te handhaaf – 'n formele navorsingsagenda wat in 2013 deur die SAOG-ministers van Waterwese goedgekeur is. Om die SOAG Waterwetenskaplike navorsingsagenda te ondersteun, is 26 nagraadse studente van 11 lid-instellings in die AUDA-NEPAD SANWATCE oor die afgelope vier jaar met navorsingstoekennings ondersteun. Daarbenewens het die netwerk ook aan verskillende navorsings- en kapasiteitsontwikkelingsaktiwiteite in die Zambezi-kom deelgeneem – 'n projek wat deur die Europese Kommissie befonds is. Primêr is aktiwiteite gefokus op die hidrologiese modellering van die kom, die gevolge van klimaatsverandering in die Zambezi-kom en sosio-ekonomiese aspekte wat verband hou met Geïntegreerde Waterhulpbronbestuur. Meer onlangs het die sekretariaat, wat by die US gesetel is, 'n voorstel van die universiteite van Malawi en die Wes-Kaap gefasiliteer om te reageer op die NNS COVID-19 Africa Rapid Grant Fund 2020 en het 'n voorstel ingedien met die titel *Exploring Socioeconomic Consequences of the COVID-19 Pandemic in Vulnerable Communities in Semi-arid Areas of Malawi*. Die voorstel ondersoek die impak van COVID-19 op toegang tot water en lewensbestaan. Bogenoemde studies en projekte is in verskillende akademiese artikels in eweknie-geëvalueerde vaktydskrifte vertaal.

Visualisering van navorsingsdata

Die Afdelings Inligtingsorsigbestuur het 'n interaktiewe PowerBI™-visualisering ontwikkel van die navorsingsdata wat die Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) jaarliks insamel. Die prototipe neem die ANO-data van departemente en fakulteite, en herverpak dit in PDF-dokumente, wat dan as verslae vir dekane dien. Die ANO-data word aangevul met inligting oor NNS-gegradeerde navorsers, data uit die SUN-i-datastoor oor doktorsale en magisterkwalifikasies wat toegeken is, sowel as personeelsdata van Menslike Hulpbronne (ook via die SUN-i-datastoor). Klik [hier](#) vir toegang tot die visualisering.




FIGUUR 9: Visualisering van US navorsingsdata.

PeriPeri-U

Die PeriPeri-U (vennote wat die veerkragtigheid verhoog vir persone wat blootgestel is aan risiko's), aangebied deur die US en sy vennote in Suider-Afrika (Ardhi Universiteit Tanzanië, Antananarivo Universiteit Madagaskar en Universidade Técnica de Moçambique), werk tans saam aan 'n projek in opdrag van die SAOG en die Wêreldbank wat die huidige kapasiteit in die ramprisikosektor in die streek ontleed om die beleid rakende die versterking van kapasiteitsbouprogramme en -inisiatiewe te lei en te rig. Daarbenewens onderneem die PeriPeri-U-sekretariaat en vennote in Wes-Afrika navorsing en kapasiteitsontwikkelingsaktiwiteite wat fokus op die verbetering van veerkragtigheid en rampvermindering in die Sahel-streek. Die projek word deur die UNDP befonds. Die projek fokus op (1) opsporing en monitering van vordering met die implementering van die SFDRR- en AU-program in die Sahel-streek deur verbeterde stelsels vir data-insameling, -analise en -verslaggewing; (2) samewerking met die UNDP om streeks- en multinasionale regulerende, beleids- en begrotingsraamwerke te versterk; en (3) kapasiteitsbou, verbeterde innovasies en oordrag van kennis in die Sahel deur middel van streeksdialoog- en Suid-Suid-uitruil-, somerskool- en meesterklasse-opleidingssessies. Laastens onderneem die PeriPeri-U-netwerk 'n projek genaamd Forecasts for Anticipatory Humanitarian Action (FATHUM). Dié studie word gelei deur die Reading University in

die Verenigde Koninkryk om voorspellings- en vroeë waarskuwingstelsels in die Langeberg-munisipaliteit, Suid-Afrika, Teso-streek, Uganda en Gaza-provinsie, Mosambiek, te versterk. Hierdie multi-institusionele, interdisiplinêre projek is daarop gemik om voorspelbaarheid te vergemaklik, om komplekse ramprisiko-drywers te ondersoek en implementeer die Forecast-based Financing/Action mechanisms (FbF / A) wat effektiewe, toepaslike en impakryke optrede voor 'n ramp moontlik maak. Bogenoemde studies en projekte is in verskillende akademiese artikels in eweknie-geëvalueerde vaktydskrifte vertaal.



Kern Strategiese Tema 6

Voorkeurwerkgewer

As 'n voorkeurwerkgewer streef die Universiteit Stellenbosch (US) om 'n bemagtigende omgewing vir personeel te skep wat inklusief is en waar hul gesondheid en welstand prioriteite is. Die VS: Strategie en Internasionalisering ondersteun hierdie visie deur ontwikkelings- en leergeleenthede te bied deur die werk van die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur en US Internasionaal. Verskeie personeelmobiliteitsprogramme word aangebied deur bilaterale uitruilooreenkomste, die BRICS-mobiliteitstoelaag, die Erasmus + opleidings- en onderrignetwerke, die Internasionale Samewerkingsmobiliteitstoelaag, en die US se Personeelontwikkelingsprogram. As 'n manier om menslikehulpbronprosesse deur die toepassing van tegnologie en digitalisering te verbeter, is belangrike werk gedoen rakende die US Welwees, Kultuur en Werksklimaat-opname, wat in 2019 gedoen is. Dit het die VS die geleentheid gebied om met ander afdelings, soos die Afdeling Menslike Hulpbronne, saam te werk.

Ontleding van resultate van die Welwees, Kultuur en Werksklimaat-opname

Die US se opname oor welstand, kultuur en werksklimaat is teen die einde van 2019 onderneem. Die doel van die opname was om personeellede se welstand- en werktevredenheidsvlakke kwantitatief te bepaal, en hul mening oor die kultuur en klimaat in die werksomgewing te vra. Kwalitatiewe data oor werkskultuur en -klimaat is met behulp van oop vrae ingesamel. Altesaam 1 095 voltooide opnames is ontvang, wat 52,1% meer is as die 720 personeellede wat aan die vorige kultuur- en klimaatopname in 2017 deelgeneem het.

'n Samevatting van die belangrikste en interessantste bevindinge is in Februarie 2020 aan die Rektorat voorgelê. 'n Vorderingsverslag met 'n paar voorlopige bevindinge is ook in daardie stadium aan die Institusionele Beplanningsforum voorsien. Personeellede van die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur gemoeid met tredhoudienste het met die vraelys en die ontleding van die resultate gehelp. Hulle bied tans saam met die Afdeling Menslike Hulpbronne-inligtingsessies vir elke verantwoordelikhedsentrum en fakulteit aan om die opnameresultate vir daardie spesifieke sentrum en fakulteit te bespreek.

In die bespreking van die resultate met fakulteite en verantwoordelikhedsentrums word personeellede genooi om aanbevelings te doen oor maatreëls wat die US en sy omgewings kan tref om die kwessies uit die opname die hoof te bied. Weens die COVID-19-pandemie en die landwye inperking vind hierdie sessies aanlyn plaas. Na afloop van die oorlegplegingsessies met fakulteite en verantwoordelikhedsentrums sal die projekspan die Rektorat wêr van 'n verslag voorsien met aanbevelings oor hoe die verskillende sake wat uit die opname voortvloei, hanteer behoort te word.

Internasionale mobiliteitsteun vir personeellede

US Internasionaal reik sesmaandelikse versoeke uit vir personeellede en akademici om aansoek te doen om internasionale mobiliteitsgeleenthede. Die volgende toekennings en benoemings is vir 2020 gemaak. Weens COVID-19 sal personeellede hulle mobiliteitsgeleenthede kan uitstel tot nadat die internasionale reisverbod opgehef is.

Bilaterale uitruilprogram: Die US het 'n gefinansierde bilaterale personeeluitruilprogram met 'n klein groep internasionale instellings. Sowel die tuis- as die gasheerinstelling voorsien institusionele

finansiering deur middel van 'n reisbeurs (tuisinstelling) en 'n verblyftoelaag (gasheerinstelling). Die volgende personeellede het aan die uitrui-program deelgeneem:

Naam	US-departement	US-fakulteit	Land	Gasheerinstelling
Dr Hylton Hollander	Ekonomie	EBW	Duitsland	Universiteit van Göttingen; Universiteit van Leipzig
Dr Alexander Andrasen	Antieke Studie	Lettere & Sosiale Wetenskappe	Duitsland	Humboldt-universiteit
Prof Bernd Fischer	Rekenaarwetenskap	Natuurwetenskappe	Duitsland	Humboldt-universiteit
Dr Marnus Havenga	Sistematiese Teologie & Ekklesiologie	Teologie	België	KU Leuven
Dr Maricel Krügel	Voedselwetenskap	AgriWetenskappe	België	KU Leuven
Prof Marena Manley	Voedselwetenskap	AgriWetenskappe	België	KU Leuven
Me Wilma Riekert	Sistematiese Teologie & Ekklesiologie	Steunpersoneel	België	KU Leuven
Mnr Jerral Toi	Inligtingsoorsigbestuur	Steunpersoneel	België	KU Leuven
Dr Cornelle Young	Verpleeg- en verloskunde	FGGW	België	KU Leuven
Me Susan Bekker-van Zyl	Taalsentrum	Steunpersoneel	België	KU Leuven
Prof Dennis Francis	Sosiologie en Sosiale Antropologie	Lettere & Sosiale Wetenskappe	Duitsland en Finland	Universiteite van Hamburg en Helsinki
Dr Hayley Clements	Skool vir Publieke Leierskap	EBW	Finland	Universiteit van Helsinki
Prof Louis Jonker	Ou & Nuwe Testament	Teologie	Duitsland	Universiteit van Leipzig
Dr Nadia Sanger	Engels	Lettere & Sosiale Wetenskappe	Duitsland	Universiteit van Hamburg

TABEL 14: Personeel in bilaterale uitrui-programme.

BRICS-mobiliteitstoelaag: Om Suid-Suid-mobiliteit (buite Afrika) aan te moedig, bied US Internasionaal toekennings vir mobiliteit na, en samewerking met, eweknieë in Rusland, Brasilië, Indië en China. Die volgende personeellede het so 'n toekenning ontvang:

Naam	US-departement	US-fakulteit	Land	Gasheerinstelling
Prof Sara Grobbelaar	Bedryfsingenieurswese	Ingenieurswese	Brasilië	Unisinis
Dr Firoz Khan	Skool vir Publieke Leierskap	EBW	Indië	Observer Research Foundation
Prof Annemaré Kotzé	Antieke Studie	Lettere & Sosiale Wetenskappe	Brasilië	Campus Universitário Darcy Ribeiro
Prof Wessel Visser	Geskiedenis	Lettere & Sosiale Wetenskappe	Rusland	Sint Petersburg-staatsuniversiteit

TABLE 15: BRICS- mobiliteitstoelaag personeeluitruilprogram.

Erasmus+-netwerke vir opleiding en onderrig: Die US behoort tot verskeie EU-gefinansierde Erasmus+-personeelmobiliteitsnetwerke. Wat institusioneel gebaseerde netwerke betref, beveel US Internasionaal deelnemers by die onderskeie koördineerders aan. Die volgende personeellede het hieraan deelgeneem:

Naam	US-departement	US-fakulteit	Land	Gasheerinstelling
Dr Corrie Ham	Bos- en Houtkunde	AgriWetenskappe	Duitsland	Universiteit van Göttingen
Mnr Evert Jordaan	Strategiese Studie	Krygskunde	Pole	Militêre Universiteit vir Landmagte
Prof Ronnie Donaldson	Geografie en Omgewingstudie	Lettere & Sosiale Wetenskappe	Hongarye	Universiteit van Pécs
Me Christelle Cronje	Bemarking, USB	Steunpersoneel	Oostenryk	WU Wene
Mev Samantha Diedericks	Akademie Ondersteuning, USB	Steunpersoneel	Duitsland	Frankfurt-bestuurskool
Mnr Angelo Jephtha	US Internasionaal	Steunpersoneel	Portugal	Universiteit van Porto
Me Amanda Matthee	Bemarking, USB	Steunpersoneel	Oostenryk	WU Wene
Me Danielle Radloff	Afdeling Loopbaanleierskap, USB	Steunpersoneel	VK	Kings College London
Mnr Che John-Norman Bermosky	Regsdiens	Steunpersoneel	Oostenryk	Management Center Innsbruck
Me Genevieve Fillis	Internasionale Sake, USB	Steunpersoneel	Duitsland	Frankfurt-bestuurskool

TABEL 16: Erasmus+-personeelmobiliteitsnetwerke.

Internasionale samewerkingsmobiliteitstoelaag: Om personeelmobiliteit aan te moedig, stel US Internasionaal 'n beperkte getal mobiliteitstoelaes beskikbaar in samewerking met die Afdeling Navorsingsontwikkeling, wat NNS- en institusionele reistoelaes administreer. Die volgende personeellede het so 'n toelaag ontvang:

Naam	US-departement	US-fakulteit	Land	Gasheerinstelling
Mev Shehaam Abdurahman	Navorsingsontwikkeling	Steunpersoneel	VK	Universiteit van Cambridge, Imperial College London
Dr Sonia Fidler-Woudberg	Wiskundige Wetenskappe	Natuurwetenskappe	Nederland	Universiteit van Groningen
Dr Pieter Grobler	Musiek	Lettere & Sosiale Wetenskappe	Kanada	Universiteit van Wes-Ontario
Dr Heinz Jacobs	Siviele Ingenieurswese	Ingenieurswese	Nieu-Seeland	Universiteit van Auckland
Dr Graeme Jacobs	Geneeskundige Virologie	FGGW	VSA	Universiteit van Missouri
Prof Maureen Robinson	Kurrikulumstudie	Opvoedkunde	VK	Bath SPA-universiteit
Prof Bradley Slade	Publiekreg	Regsgeleerdheid	VSA	Cornell-universiteit
Mnr Aslam Arnolds	Navorsingsontwikkeling	Steunpersoneel	VK	Universiteite van Bath en Coventry
Prof Nuraan Davids	Opvoedingsbeleidstudie	Opvoedkunde	VSA	Universiteit van Stanford
Prof Sian Hemmings	Psigiatrie	FGGW	VK	Universiteit van Bristol
Dr Lieketseng Ned	Globale Gesondheid	FGGW	Portugal	Universiteit van Coimbra
Dr Chioma Ohajunwa	Globale Gesondheid	FGGW	Portugal	Universiteit van Coimbra
Dr Douglas Parry	Inligtingwetenskap	Lettere & Sosiale Wetenskappe	Duitsland	Weizenbaum Instituut vir 'n Genetwerkte Samelewing

TABEL 17: Internasionale samewerkingsmobiliteitstoelaag.

Personeelontwikkelingsprogram: US

Internasionaal het met die Universiteit se Afdeling Menslike Hulpbronne saamgewerk om 'n ontwikkelingsprogram vir PASD- (professionele administratiewe steundienste-) personeel te beplan en te voorsien. Meer as 30 aansoeke is ontvang as deel van die benoemingsproses vir steunpersoneel om van 4 tot 11 Oktober 2019 aan 'n vermoëboupogram en uitruilbesoek aan die Universiteit van Lund, Swede, deel te neem. Tien personeellede is uiteindelik vir die program gekies, en het voorbereidingswerkssessies oor internasionalisering by die US, interkulturele vaardigheid en 'n oorsig van die Lund-Stellenbosch-vennootskap bygewoon.



Naam	Afdeling	Pos
Veronica Beukes	Sentrum vir Onderrig en Leer	Senior administratiewe beampte
Stefan Els	Afdeling Korporatiewe Kommunikasie	Multimediavervaardiger
Ilse Griffiths	Afdeling Finansies: Finansiële Beplanning en Begroting	Rekenmeester
Shawn Hendriks	Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese	Departementele bestuurder
Chanel Klink	Afdeling Menslike Hulpbronne	Menslikehulpbronpraktisyn
Noni Kulati	SUNSEP/Fakulteit Opvoedkunde	Adminbeampte BI
Felicia McDonald	Afdeling Navorsingsontwikkeling	Senior administratiewe beampte
Joswayne Newman	SUNKOM	Hoof: Druk- en Kopieerdienste
Luzaan Stellenberg	Fasiliteitsbestuur	Dienskantoortoesighouer
Judy Williams	US Bellvilleparkkampusbiblioteek	Fakulteitsbibliotekaris

TABLE 18: Personeelontwikkelingsprogram.



Vermindering van die Impak van die COVID-19 Pandemie

Die impak van die wêreldwye COVID-19-pandemie het 'n reuse-uitwerking op die bedrywighede van die Universiteit Stellenbosch (US) gehad. Ten einde hierdie impak van die krisis te verminder en die instelling te lei om sy kernfunksies te verrig, is 'n oorkoepelende Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (ICBC) op die been te bring onder die leierskap van die US se Bedryfshoof, prof Stan du Plessis. Tydens die uitgebreide periode van 'n nasionale inperking, wat deur die regering in Maart 2020 verklaar is, het al die afdelings binne die VS: Strategie en Internasionalisering nie net tot 'n "nuwe normaal" aangepas nie, maar ook 'n kernrol gespeel om te verseker dat die US se bedrywighede voortgaan.

Aan stuur van ICBC-werkstroom

Die eerste vergadering van die ICBC Werkstroom vir Kommunikasie, Sosiale Impak en Eksterne Betrekkinge (WKSIEB) is op 8 April gehou met prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisering, as voorsitter. Die Werkstroom se lede is geneem uit 'n verskeidenheid van afdelings: Navorsingsontwikkeling, Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge, Korporatiewe Kommunikasie, Sosiale Impak, Menslike Hulpbronne, Studentebelange, Studentewerwing, US Internasionaal, die SR en Tygerberg-kampus. Vanaf die begin het die werkstroom se werk gefokus om strukture te skep, asook protokolle en raamwerke vir kommunikasie aan 'n verskeidenheid belangegroepe tydens die COVID-19 pandemie, veral om die US se gemeenskapsimpak en eksterne betrekkinge in stand te hou. Weeklikse terugvoer is aan die Werkstroom se lede gegee op die gebied van gemeenskapskoördinerings, internasionale betrekkinge en kommunikasie met belangegroepe.

Nege sleuteldokumente is ontwikkel, waarna dit deur die ICBC goedgekeur is:

- Die **Raamwerk vir Gekonsolideer Respons** bevat inligting rakende die US se werk en respons op COVID-19 in die veld van navorsingsimpak, onderrig en leer-inisiatiewe (aanlyn-lee, studente-ondersteuning), sosiale impak en menslike hulpbronne;
- Die **Beginsels vir Eksterne Versoeke** gee leiding oor die US se respons op filantropiese en ander versoeke vir donasies en/of fondswerwing;
- Die **Protokol vir Kommunikasie tydens COVID-19** stel beginsels vir die goedkeuring en verspreiding van inhoud vir kommunikasie aan belanghebbers;
- Die **Institusionele Gids vir Kommunikasie en Belyning** gee riglyne om institusionele kommunikasie vanuit verskeie afdelings binne die Universiteit te koördineren;
- Met die **Kommunikasie-rooster**-dokument is die skedulering van kommunikasie van die Universiteit en die Rektoraat aan personeel en studente verbeter om gereelde dog tydige kommunikasie te verseker;
- Die **Protokol vir Kommunikasie oor Sterftes van Personeel/Studente** en die **Rou-kennisgewing** is geïnformeer deur twee dokumente, Gids vir Gedenk- en Begrafnisondersteuning vir US Studente 2020 en die Rou-protokol vir Personeel;
- 'n Narratiewe dokument wat die **US se ondersteuning aan studente** wys, waaronder aanlyn-leer-inisiatiewe, skootrekenaars, ondersteuning in koshuise, ondersteuning aan internasionale studente en fondswerwing vir die #Move4Food-veldtog is wyd versprei aan belanghebbers;
- 'n Narratiewe dokument wat die **US se ondersteuning aan sosiale impak** wys, is versprei aan die Algemene Bestuursvergadering, Raad en Senaat en hul subkomitees, op die US- en COVID-19-webblaaie (en ander institusionele skakels), en gemeenskapsvennote;

- 'n Kort **stelling oor internasionale reis**, spesifiek vir personeel wat internasionale konferensies wil bywoon, is ook ontwikkel en deur die ICBC goedgekeur.

Die werk van die Werkstroom gaan steeds voort om die pandemie te monitor en kommunikasie-behoefte van die ICBC te behaal ten einde beide interne en eksterne belanghebberverhoudings in stand te hou tydens die nasionale inperking.

Kommunikasie tydens die COVID-19-pandemie


Weens die wêreldwye COVID-19-pandemie, die aanloop tot die landwye inperking wat president Cyril Ramaphosa op 26 Maart 2020 afgekondig het, en die verskillende nasionale risikovolke wat sedertdien aangekondig is, was die verslagtydperk 'n tyd van ongekende bedreigings vir 'n florerende US. Hoewel die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie steeds na die doelwitte in sy omgewingsplan vir 2020 streef, het die klem vir eers na sy belangrike rol as primêre kommunikasiediensverskaffer verskuif om bedryfsvoortsetting te midde van die pandemie te ondersteun.

Die strategie met die Universiteit se COVID-19-verwante kommunikasie was om 'n enkele bron of sentrum van betroubare inligting vir verskillende US-belanghebbendes te skep, wat terselfdertyd as 'n bewaarplek vir alle verbandhoudende mededelings dien. Vir dié doel is 'n COVID-19-webblad geskep, en is skakels na die blad by etlike ander vorme van US-kommunikasie ingesluit. Twee prominente skakels is op die US-tuisblad aangebring: een na die Universiteit se COVID-19-webtuiste, en die ander na die regering se COVID-19-webtuiste om nasionale inisiatiewe te ondersteun.


Webtuiste: Die [US se COVID-19-webblad](#) (sien hieronder) is op 14 Maart 2020 geaktiveer (net minder as 'n week voordat die landwye inperking afgekondig is). Dit werk goed en is positief ontvang. Dit word ook voortdurend bygewerk namate omstandighede en kommunikasiebehoeftes verander. Die besoekerstatistiek is insiggewend: Die Engelse weergawe het in die eerste maand 108 140 besoekers ontvang, van wie 39 845 die US-webtuiste die eerste keer besoek het. Die Afrikaanse webblad het in dieselfde tydperk 11 391 besoekers ontvang, waaronder 4 115 nuwe besoekers aan die US-webtuiste.

Inligting op die COVID-19-webtuiste sluit die volgende in:

- Kampusnuusflitse
- 'n Databasis van alle mededelings
- Studente- en personeelhulpbronne vir aanlyn leer en onderrig
- Hulpbronne en inligting vir navorsers
- Protokolle
- Geestesgesondheidshulpbronne
- Kampusgesondheidshulpbronne
- 'n Skakel na Suid-Afrika se amptelike COVID-19-webtuiste
- Belangrike plaaslike en nasionale kontaknommers
- Verskeie skakels na belangrike plaaslike en internasionale COVID-19-verwante inligting



Massaboodskappe: Weens die aard van die COVID-19-pandemie is gereelde kommunikasie noodsaaklik om US-belanghebbendes op hoogte te hou van belangrike inligting, besluite en ontwikkelings met betrekking tot bedryfsvoortsetting by die Universiteit. 'n Toegewyde banier (sien hieronder) is vir alle COVID-19-verwante boodskappe ontwerp.



Personeellede en studente ontvang weeklikse e-posboodskappe om hulle op hoogte te hou van die US se reaksie op COVID-19, waaronder gesondheidsprotokolle, aanlyn leer en die prosedure om terug te keer kampus toe. Hierdie mededelings word goed ontvang: Die leesfysers wissel tussen 62,4% en 75%, wat ver bo die standaardleesfysers vir die bedryf is. In sommige gevalle word die boodskappe opgevolg met SMS'e waarin personeel en studente na belangrike inligting in die e-posse én op die COVID-19-webtuiste verwys word. Die weeklikse digitale nuusbrieff *info@StellenboschUni*, wat gewoonlik op Woensdae verskyn, is tydelik gestaak omdat die inperking tot 'n afname in die vraag na kennisgewings en nuus oor geleenthede gelei het. Die Vrydagnuusbrieff, *nuus@StellenboschUni*, word steeds uitgestuur, en dien as 'n kanaal om die jongste COVID-19-verwante nuus te konsolideer.

Eksterne kommunikasie: Benewens die interne kommunikasie oor COVID-19, het die Mediakantoor met verskeie personeellede saamgewerk om die navorsingsuitnemendheid van die US se akademië ten opsigte van sowel mediese as nie-mediese aspekte van die pandemie uit te lig. 'n Aantal personeellede in veral die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) en die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modelling en Analise (SACEMA) moes behoorlik bontstaan om die stortvloed medianavrae te hanteer, wat van die media se vertroue in ons navorsers getuig. Personeel van die Afdeling Bemarking en Kommunikasie in die FGGW verdien ook erkenning vir hul fasilitering van die meeste navrae van 'n mediese aard. Omdat die pandemie alle lewenssterreine raak, het die Mediakantoor 'n volledige lys nie-mediese kenners (in enger sin) opgestel, wat aan die media voorsien en omvattend deur nuuskantore gebruik is. Mediavystellings oor verskillende aspekte van die pandemie is boonop uitgereik, en is aangevul met etlike meningsartikels sowel as radio- en televisieonderhoude.

Sosiale media: Ons het betreklik vroeg in die inperkingstyd reeds 'n dramatiese verskuiwing in ons volgelinge se aanlyn gedrag opgemerk namate hulle noodgedwonge hul daaglikse gewoontes moes verander. Huisgebonde studente, personeellede en alumni het hulle tot die sosiale media gewend om kontak met vriende, familie en handelsname te behou. COVID-19-boodskappe, veral oor akademiese aangeleenthede, is met groot belangstelling op die US se sosialemediakanale ontvang. Die verandering in sosiale gedrag en belangstelling in boodskappe van die US het ons reikwydte met 50% laat toeneem, wat daarop dui dat US-volgelinge beslis die sosiale media gebruik as 'n instrument om op hoogte van sake te bly. Sosialemediaplasinge word ook gebruik om boodskappe deur ander kanale te onderstreep en belanghebbendes na vollediger inligting op die webtuiste te verwys. COVID-19- en inperkingsverwante onderwerpe wat heelwat kommentaar op sosiale media ontlok het, het ingesluit aanlyn leer, data, SUNLearn, die terugbetaling van fooie, en die afstel van die Maart-gradeplegtighede.

MFM-gemeenskapsradiostasie: As deel van die US se institusionele samewerking met Stellenbosch Munisipaliteit en gemeenskapsforums deur #StellenboschUnite, is die MFM-gemeenskapsradiostasie gratis beskikbaar gestel as kommunikasiekanaal om inligting aan die groter Stellenbosse gemeenskap oor te dra.

Institusionele geleentheid: Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie werk tans aan protokolriglyne met advies en leiding vir geleentheidsbeplanning by die US. Hierdie riglyne sluit byvoorbeeld 'n protokol vir kommunikasie met die Kanselier in, sowel as kontrolelyste en tydlyne vir die beplanning van geleentheid. Die doel is om konsekwente handelsmerkervarings te skep wat voortbou op die US se reputasie en handelsmerk-ekwiteit verder verhoog, veral in 'n wêreld waar virtuele en hibriede geleentheid die nuwe norm sal wees. Nóg 'n oogmerk is om te sorg dat die standaard en handelsmerkgebruik van institusionele geleentheid eenvormig is.

Toe dit duidelik word dat groot groepe mense 'n beduidende risiko vir die verspreiding van COVID-19 inhou, het die Universiteit Stellenbosch – selfs nog voor die aankondiging van die inperking – besluit om die Maart/April-gradeplegtigheidsweek vir 2020 te kanselleer. Ook die Kanselier se inhuldiging, wat op 8 April sou gebeur, is afgestel. Kwalifikasies is nietemin gedurende 'n aanlyn plegtigheid toegeken om ons studente se prestasies te vier. Die plegtigheid het boodskappe van die Registrateur, dr Ronel Retief, en van die Rektor, prof Wim de Villiers, ingesluit, waarna die nuwe Kanselier, regter Edwin Cameron, die kwalifikasies aan die studente verleen het. Die [video](#) van die geleentheid is tot dusver 19 000 keer gekyk.

Die aanlyn geleentheid het gepaardgegaan met 'n sosialemediaveldtog, #SUgradstory, wat graduandi genooi het om hul gradeplegtigheidstories deur middel van video's te vertel. Die reaksie was oorweldigend en studente was besonder kreatief. Een van die video's wys hoe Chanté Brand, wat die graad MSc verwerf het, haar gradeplegtigheid deur middel van rolspel met haar gesin opvoer. [Hierdie video](#) het 'n reikwydte van 117 000 gehad.

Intreelesings wat vroeër vanjaar sou plaasvind, moes ook vanweë die inperking afgestel word. Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie het gevolglik begin ondersoek instel na die moontlikheid van regstreekse stroming en voorafopnames om die res van die intreelesings vir 2020 aan te bied.

Die Rektorstoekennings vir uitnemendheid in verskeie kategorieë word gewoonlik teen die einde van elke akademiese jaar by 'n glansryke geleentheid oorhandig. Die toekennings verleen erkenning aan studente wat op hulle vakgebied, in sport, as leiers en op die gebied van sosiale impak uitblink. Dit is hoogs onwaarskynlik dat so 'n geleentheid in 2020 sal kan plaasvind, nie net weens die uitdagings van sosiale distansiering en lokaalgrootte nie, maar ook omdat alle ontvangers heel moontlik nog nie sal terug wees op Stellenbosch om die geleentheid by te woon nie. Innoverende oplossings word tans ondersoek, waaronder 'n aanlyn toekenningsplegtigheid soortgelyk aan die WoordTROfees wat die Toyota US Woordfees op 7 April 2020 aangebied het.

Taktiese steun vir COVID-19-verwante prosesse

Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) het taktiese analitiese steun voorsien om studente te identifiseer wat vir 'n leenrekenaar van die Universiteit in aanmerking kom, en het ook die projek help uitvoer. Daarbenewens het die Afdeling help identifiseer watter studente as deel van die toegelate 33% ingevolge vlak 3 van die inperking na die kampus behoort terug te keer om praktiese werk te voltooi. Hiervoor het IOB omvattende template help ontwikkel wat fakulteite kon gebruik om die betrokke insette te voorsien. Volledige datastelle is ook voorberei om unieke studente in elke fakulteit te identifiseer, met inbegrip van koshuisinwoning om geïntegreerde beplanning moontlik te maak.

Voorts het IOB se Sentrum vir Bedryfsintelligensie analitiese bystand voorsien met twee COVID-19-verwante opnames wat onderskeidelik onder studente en personeellede onderneem is. Die doel van die opnames was om studente en personeellede se gereedheid vir aanlyn afstandsleer en -werk te bepaal. Die bevindinge van die personeelopname is aan US-fakulteite en -omgewings beskikbaar gestel sodat die Universiteitsbestuur kon bepaal hoeveel bykomende ondersteuning nodig sou wees om personeel van die huis af te laat werk. Die resultate is ook gebruik om vas te stel watter tegnologiesteun dosente vir hul aanlyn onderrigaktiwiteite sou nodig kry. Wat die studente-opname betref, is die bevindinge aan fakulteite voorsien om hulle 'n oorsig te bied van studente se toegang tot, en vermoë om deel te neem aan, aanlyn aktiwiteite. Hierdie opnameresultate is ook gebruik om te identifiseer watter studente toegang tot 'n tablet- of ander rekenaar vir aanlyn studie kortkom. Die US het gevolglik aangebied om skootrekenaars aan hierdie studente te leen.

Die Sentrum vir Bedryfsintelligensie het ook met IT-steundienste en die Afdeling Onderrig- en Leerverryking saamgewerk om databestuur vir die skootrekenaarprojek te ondersteun. Alle versoeke vir leenrekenaars – van studente (per e-pos, SMS of die Afdeling IT), dosente, Kliëntediens én ander personeellede – is op 'n databasis gekonsolideer, en is toe gebruik om die rekenaars in 'n paar verskillende rondtes toe te ken. Dieselfde databasis is gebruik om tred te hou met die skootrekenaaraflewering deur die koerier, sowel as enige ander kwessies met betrekking tot die rekenaars (bv. rekenaarfoute en -vervangings). Meer as 1 700 skootrekenaars is tot dusver aan studente uitgeleen.

Internasionalisering tydens COVID-19

Weens die impak van die COVID-19-pandemie het US Internasionaal strategieë en planne ontwikkel om verskillende belanghebbendes, in die besonder internasionale semesterstudente by die US sowel as US-studente in die buiteland, te ondersteun. Die klem het geval op inligtingsoordrag, deernis en buigsamheid.

- **Internasionale semesterstudente by die US**

Gereelde en duidelike kommunikasie het deur middel van e-pos, die US Internasionaal-webtuiste en SUNLearn geskied. Hierdie kommunikasie het die institusionele mededelings as uitgangspunt gebruik, maar het ook items uitgelig wat internasionale semesterstudente direk raak. Die internasionale studente en hul tuisinstellings (die US se vennote) het dieselfde mededelings ontvang.

Studente van vennootuniversiteite wat vir die tweede semester by die US aansoek gedoen het, kon nie aan die begin van die derde kwartaal met fisiese klasse begin nie, maar is die geleentheid gebied om hetsy hul mobiliteitsgeleentheid na die eerste semester van 2021 uit te stel of met aanlyn klasse te begin. 'n Groot getal studente het besluit om tot volgende jaar te wag, en 'n klein groepie het met aanlyn kursusse voortgegaan. Sommige studente het hulle besoek in die geheel gekanselleer. 'n Paar studente wat by die aanlyn kursusse aangesluit het, het belangstelling daarin uitgespreek om in die vierde kwartaal op die US-kampus klas by te woon, na gelang van internasionale reisregulasies. Om die aanlyn internasionale semesterstudente te ondersteun, is 'n aanlyn oriëntering- en verwelkomingsprogram gehou in die week voordat klasse begin het.

Die jaarlikse winterskool in Junie en Julie is gekanselleer. 'n Nuwe somerskool is egter vir Desember 2020 en Januarie 2021 ontwikkel in die hoop dat die stand van die pandemie in daardie stadium hierdie mobiliteitsgeleentheid sal toelaat. Dit is een van die programme wat vir die US 'n inkomste skep, wat beteken dit is ook van strategiese belang vir US Internasionaal.

- **Uitwaartse internasionale studentemobiliteit**

Ook US-studente oorsee het gereelde en duidelike kommunikasie ontvang. Benewens die mededelings, is hulle ook by aanlyn groepgesessies betrek. Om hierdie studente te ondersteun het US Internasionaal se Global Education Centre (GEC) met verskeie eksterne belanghebbendes geskakel, waaronder die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking, die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, die Internasionale Onderwysvereniging van Suid-Afrika, vennootinstellings en privaat diensverskaffers. Die algemene benadering was om te beklemtoon dat die inligting wat gasheerinstellings, die Suid-Afrikaanse regering en die US voorsien belangrik is, en dat studente daardie inligting moet gebruik om verstandige besluite te neem.

US-studente se deelname aan tweedesemesteruitruilprogramme en somerskole in 2020 moes gekanselleer word weens die reisverbod. Studente word tans bygestaan om, waar dit moontlik is, hulle mobiliteitsgeleentheid na 2021 uit te stel. Baie van die fisiese somerprogramme is in aanlyn programme omgeskakel, en sommige US-studente het met die aanlyn weergawes voortgegaan. Wat huidige US-studente in die buiteland betref, wag sommige om op repatriasievlugte terug te keer na Suid-Afrika, terwyl ander vir 'n bykomende semester by hul gasheeruniversiteite aanbly.

- **Skakeling met vennootuniversiteite**

'n Mededeling uit die kantoor van die Viserektor: Strategie en Internasionalisering, prof Hester Kloppe, is in Mei aan die US se internasionale vennootuniversiteite gestuur. Die doel was om die US se bydrae tot die stryd teen COVID-19 te kommunikeer en vennote oor die Universiteit se werksaamhede gedurende die pandemie in te lig. Die hoofde (rektore, visekanseliers en voorsitters) van vennootuniversiteite is veral ook in kennis gestel van die maatreëls wat die US getref het om te sorg dat internasionale studente veilig is en ondersteun word. Benewens die formele kommunikasie met vennootuniversiteite, het US Internasionaal se Centre for Partnerships and Internationalisation Support (CP&IS) en die GEC deurlopend vrae en kwessies per e-pos en video-oproep hanteer.

- **Internasionalisering aanlyn**

Sedert die COVID-19-pandemie uitbreek het, moes heelwat internasionaliseringsinisiatiewe na die kuberruim verskuif.

Risikovermindering: Die Centre for Collaboration in Africa (CCA) het gedurende dié tyd met internasionale vennote saamgewerk om webinarre oor kwessies soos ramprisikovermindering en waterwetenskappe in verskillende lande aan te bied. Die Afrika-risikometodeskool sal ook op medium- tot langer termyn in 'n betaalde aanlyn aanbod omskep word.

Webinaardeelname: Die CP&IS het op sy beurt met die span van Navorsingskontrakte saamgewerk om as deel van die Hamburgse Virtuele Netwerkvergadering 'n aanlyn aanbieding oor uitdagings vir internasionaliseringsadministrasie en navorsingsamewerking te doen. Die CP&IS en die Internasionale Onderwysvereniging van Suid-Afrika het ook gesamentlike webinarre vir internasionale personeel oor die hele Suid-Afrika aangebied. Die eerste webinaar, oor steun vir semesterstudente oorsee met 'n bepaalde klem op studentewelstand, is teen die einde van Mei deur die GEC se me Sarah van der Westhuizen aangebied.

Aanlyn konferensie: Die CP&IS het die Vrede- en Versoeningsnetwerk van die Vereniging van Statebondsuniversiteite (ACU) bygestaan om van 9 tot 12 Junie 2020 'n gesamentlike aanlyn US-ACU-konferensie aan te bied. Die konferensie het die rol van kuns in vrede en versoening uit 'n transnasionale oogpunt ondersoek. Prof Pumla Gobodo-Madikizela tree as die US se verteenwoordiger in die Vrede- en Versoeningsnetwerk op.

Afrika Doktorale Akademie- (ADA-)somerskool: Die Africa Centre for Scholarship (ACS) het sewe navorsingsontwikkelingskole vir 2020 beplan gehad toe die pandemie uitbreek. Die ADA-herfsskool in Maart moes afgestel word, en die ADA-winterskool is in 'n aanlyn navorsingsleergeleentheid met vyf verskillende kursusse omskep, wat in Julie 2020 van stapel gestuur is. Volgende sal die ACS met Strathmore-universiteit, die universiteite van Lagos en Rwanda, die CCA sowel as die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) saamwerk om die beplande gesamentlike navorsingskole in drie aanlyn navorsingsleerskole om te skakel. Dié geleenthede is deel van die inisiatief vir ontluikende vakkundiges en sal in die tweede helfte van 2020 aangebied word.

Aanlyn steunstrukture: Die GEC het op vier gebiede gekonsentreer om aanlyn steunstrukture te ontwikkel, naamlik (i) die ondersteuning van huidige internasionale studente by die US sowel as US-studente oorsee deur die beskikbare aanlyn platforms van die Universiteit; (ii) die verskillende kursusse van die globale onderwysprogram, wat spesifiek vir internasionale studente ontwikkel word; (iii) voorbereidings vir die aanlyn inname van besoekende internasionale studente in die tweede semester, en die verskillende moontlike scenario's daarvoor, en (iv) die hersiening van US Internasionaal se prosesse en steunaanbod om gebiede vir verbetering te identifiseer, veral wat aanlyn onderrig betref.

Die GEC het ook sy verwelkoming- en oriënteringsprogram vir besoekende semesterstudente vir die tweede semester herontwerp en dit na die kuberruim verskuif. Die beheerstruktuur vir uitwaarts mobiele US-studente, I02 Study Abroad, is eweneens in 'n aanlyn kortkursus omskep. Hoewel dit eers in 2021 geïmplementeer sal word, sal verskeie afdelings daarvan in 2020 deur interaksie met toetsgroepe op die proef gestel word. Benewens hierdie aktiwiteite, word die moontlikheid van virtuele uitruilgeleenthede en die ontwikkeling van 'n steunstruktuur vir internasionale hibriede mobiliteit ook ondersoek.

SLOT

Gedurende die verslagtydperk (September 2019 tot Augustus 2020) het die Verantwoordelikhedsentrum: Strategie en Internasionalisering doelbewus daarop gefokus om waarde toe te voeg tot die Universiteit se pogings om *Visie 2040* en die *Strategiese Raamwerk 2019–2024* te verwesenlik deur sy voortgesette werk op die gebied van strategieontwikkeling, -beplanning en -implementering; inligtingsoorsigbestuur vir dataontleding en bedryfsintelligensie; geïntegreerde bemaking en kommunikasie, sowel as internasionalisering. Die doelwitte van elk van die instelling se kern strategiese temas het deurgaans as rigsgaande gedien om prioriteite vir die verantwoordelikhedsentrum te bepaal, en op 'n impakryke wyse aan daardie prioriteite uitvoering te gee. Ons het gepoog om ons impak te wys, asook ons toewyding om met kollegas van regoor die Universiteit te werk om ons gedeelde visie te verwesenlik. Nogtans, hoewel dit toon wat die verantwoordelikhedsentrum reeds gedoen het om die doelwitte in die *Strategiese Raamwerk 2019–2024* te bereik, lê hierdie verslag ook in vele opsigte 'n grondslag om op voort te bou met toekomstige werk, en om opnuut prioriteite vir die volgende jaar te bepaal.

Saam vorentoe | Masiye phambili | Forward Together – Ons sal sterker word te midde van teenspoed!

ADDENDUM

TABEL 6: Reisbeurse toegestaan aan US-studente vir internasionale mobiliteit*

FAKULTEIT	SEMESTERUITRUIL-GELEENTHEDE	SOMERSKOLE/KORTPROGRAMME	TOTAAL
AgriWetenskappe	R119 000	R329 700	R448 700
Lettere en Sosiale Wetenskappe	R632 008	R626 900	R1 258 908
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (sluit R600 000 van EBW se eie geld in)	R1 500 048	R550 200	R2 050 248
Opvoedkunde		R35 000	R35 000
Ingenieurswese	R541 400	R408 400	R949 800
Regsgeleerdheid	R375 080	R213 600	R588 680
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe		R336 100	R336 100
Krygskunde	R44 000	R0	R44 000
Natuurwetenskappe	R126 500	R440 521	R567 021
Teologie	R48 300	R0	R48 300
TOTAAL	R3 386 336	R2 940 421	R6 326 757

*Weerspieël slegs mobiliteit vir 2019.

TABEL 7: Kortprogramme vir inwaartse internasionale studente

Student se tuisinstelling	Programonderwerp	Fakulteit/afdeling	Getal studente 2019
Virginia-technikon, VSA	Voedselsekerheid in die konteks van wildboerdery en -bewaring	Agronomie, AgriWetenskappe	17
Januarie-program deur US Internasionaal	Fotografie	Lettere en Sosiale Wetenskappe	14
Linneaus-universiteit, Swede	Sportwetenskap	Sportwetenskap	5
Northwestern-universiteit, VSA	Globale gesondheidsorgtegnologieë	Biomediese Ingenieurswese	18
Northwestern-universiteit, VSA	Openbare gesondheid en ontwikkeling in Suid-Afrika	Lettere en Sosiale Wetenskappe	14

Pardibuce-universiteit, Tsjeggiese Republiek	Taal en kultuur	Lettere en Sosiale Wetenskappe	8
Vrije Universiteit Brussel, België	Sportwetenskap	Sportwetenskap	11
Christopher Newport-universiteit, VSA	Leierskap vir sosiale geregtigheid	US Internasionaal & Frederik Van Zyl Slabbert Instituut	16
Universiteit van Georgia, VSA	Sosiologie en internasionale sake	US Internasionaal	26
Universiteit van Noord-Carolina in Charlotte, VSA	Opvoedkunde	Opvoedkunde	7
Wisconsin Milwaukee, VSA	Maatskaplike werk	Lettere en Sosiale Wetenskappe	8
Universiteit van Warwick	Opvoedkunde	Opvoedkunde	6
Humboldt-universiteit	Opvoedkunde	Opvoedkunde	4
Dinkskrumwerksessieweek, België	Gesondheid en welstand	Verskeie	17
AC21- nagraadse skool	Indringerbiologie	AgriWetenskappe	18
Somerskool vir inwaartse studente, middel van Junie tot middel van Julie	Verskeie programme	US Internasionaal	106
TOTAAL			295

TABEL 8: Uitwaartse studentemobiliteit volgens fakulteit**

Fakulteit	Semesteruitruilgeleenthede		Somerskole/ kortprogramme	
	2018	2019	2018	2019
AgriWetenskappe	9	4	12	18
Ekonomiese Bestuurswetenskappe en	40	31	41	29
Opvoedkunde			9	3
Ingenieurswese	13	31	33	24
Lettere en Sosiale Wetenskappe	16	24	47	48
Regsgeleerdheid	14	16	10	12
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe			13	19

Krygskunde	1	2		
Natuurwetenskappe	5	4	18	36
Teologie	2	2	3	0
TOTAAL	100	114	186	188

**Let daarop dat ons uitwaartse programme vir die tweede semester gekanselleer is, en dus sal minder studente in 2020 oorsee reis.

TABEL 9: Ooreenkomste wat van 1 Julie 2019 tot 30 Junie 2020 aangegaan of hernu is

Instelling	Land	Vlak ooreenkoms van	Tipe ooreenkoms
Universiteit van Turyn	Italië	Chemie en Polimeerwetenskap	Studentemobiliteit
Universiteit van Rwanda	Rwanda	Institusioneel	MvV
Federale Universiteit van Santa Catarina	Brasilië	Institusioneel	MvV
Universiteit van St Andrews	Skotland	Institusioneel	MvV
Universiteit van Southampton	VK	Institusioneel	Studente-/personeeluitruil
Universiteit van Pardubice	Tsjeggiese Republiek	Institusioneel	MvV
Mendel-universiteit	Tsjeggiese Republiek	AgriWetenskappe	MvV
Midlands-staatsuniversiteit	Zimbabwe	Geskiedenis	MvV
Universiteit van Namibië (UNAM)	Namibië	Institusioneel	MvV; studente-/personeeluitruil
Universiteit van Jean Monnet	Frankryk	Institusioneel	MvV
Bauhaus-Universität Weimar	Duitsland	Ingenieurswese	Studente-/personeeluitruil
Institut Polytechnique de Bordeaux en Bordeaux INP	Frankryk	Institusioneel	MvV; studente-/personeeluitruil
Universiteit van Wes-Sydney	Australië	Institusioneel	MvV
Noord-Carolina-staatsuniversiteit	VSA	Institusioneel	MvV
Michigan-staatsuniversiteit	VSA	Institusioneel	MvV

Politegniese Rensselaer	Instituut	VSA	Institusioneel	MvV
-------------------------	-----------	-----	----------------	-----

TABEL 10: Versoeke op die agenda van die werkgroep vir vennootskapsontwikkeling

Naam van instelling	Land	Taak	Vlak van versoek
Beedie-bestuurskool, Simon Fraser-universiteit	Kanada	Nuwe ooreenkoms	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Kyung Hee-universiteit	Suid-Korea	Nuwe ooreenkoms	Institusioneel
Sapienza-universiteit, Rome	Italië	Nuwe ooreenkoms	Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese
Universiteit van Sint Petersburg	Rusland	Nuwe ooreenkoms	Institusioneel
Universiteit van Noord-Carolina, Wilmington	VSA	Nuwe ooreenkoms	Institusioneel
Universiteit van Otago	Nieu-Seeland	Nuwe ooreenkoms	Lettere en Sosiale Wetenskappe
HAS Universiteit vir Toegepaste Wetenskappe	Nederland	Nuwe ooreenkoms	AgriWetenskappe
Miller-bestuurskollege, Ball-staatsuniversiteit	VSA	Nuwe ooreenkoms	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Trier Universiteit vir Toegepaste Wetenskappe	Duitsland	Nuwe ooreenkoms	Visuele Kunste
Universiteit van Nottingham	VK	Nuwe ooreenkoms	Regsgeleerdheid
FH Aachen Universiteit vir Toegepaste Wetenskappe	Duitsland	Nuwe ooreenkoms	Ingenieurswese
CUOA-bestuurskool	Italië	Nuwe ooreenkoms	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Universiteit van Kaïro	Egipte	Nuwe ooreenkoms	Natuurwetenskappe
Universiteit van Burundi	Burundi	Nuwe ooreenkoms	Natuurwetenskappe
Universiteit van Montpellier	Frankryk	Nuwe ooreenkoms	Institusioneel
Martin-Luther-Universität Halle-Wittenberg	Duitsland	Nuwe ooreenkoms	Lettere en Sosiale Wetenskappe
Universiteit van Réunion	Frankryk	Nuwe ooreenkoms	Institusioneel
Breda Universiteit vir Toegepaste Wetenskappe	Nederland	Nuwe ooreenkoms	Logistiek
Federale Universiteit Ural	Rusland	Nuwe ooreenkoms	Institusioneel
LUISS-universiteit	Italië	Nuwe ooreenkoms	Krygskunde
Handelsuniversiteit van Istanbul	Turkye	Nuwe ooreenkoms	Ondernemingsbestuur
Universiteit van Adelaide	Australië	Hernuwing/beëindiging	Institusioneel
Universiteit van Geisenheim	Duitsland	Hernuwing/beëindiging	Wingerd- en Wynkunde
KU Leuven	België	Hernuwing/beëindiging	Lettere en Sosiale Wetenskappe

KU Leuven	België	Hernuwing/beëindiging	Regsgeleerdheid
Universiteit van Passau	Duitsland	Hernuwing/beëindiging	Institusioneel
Goethe-universiteit	Duitsland	Hernuwing/beëindiging	Institusioneel
Universiteit van Brits-Columbië	Kanada	Hernuwing/beëindiging	Bos- en Houtkunde
LUCA Skool vir die Kunste	België	Hernuwing/beëindiging	Visuele Kunste
Universiteit van Malawi	Malawi	Hernuwing/beëindiging	Institusioneel
Universiteit van Nairobi	Kenia	Hernuwing/beëindiging	Institusioneel
TU Delft	Nederland	Uitbreiding	Natuurwetenskappe
Notre Dame-universiteit	VSA	Uitbreiding	Institusioneel
Universiteit van Bern	Switserland	Uitbreiding	Institusioneel
Universiteit van Groningen	Nederland	Uitbreiding	Institusioneel

TABEL 13: US-projekte wat deel uitmaak van SASUF

Projek	Navorsers	Departement	Medewerkers
Mobiliteitsbehoefes van ouer volwassenes in Swede en Suid-Afrika: die bevordering van gesondheid en billikheid – 'n samewerkingsprojek	Lana van Niekerk	Arbeidsterapie	Karolinska-instituut, Swede; Universiteit van Malmö, Swede; Universiteit van die Witwatersrand, SA
Die ontleding van landelike differensiasie as 'n beleidsuitdaging in Suid-Afrika	Ronnie Donaldson	Geografie en Omgewingstudie	Universiteit van Malmö, Swede; Sweedse Universiteit vir Landbouwetenskappe, Swede; Sentrale Universiteit vir Tegnologie, SA
'n Platform vir die studie en ontwikkeling van verskillende raamwerke/modelle om bedreigingsintelligensie uit te ruil	Bruce Watson	Inligtingwetenskap	Universiteit van Stockholm, Swede; KTH Koninklike Instituut vir Tegnologie, Swede; Universiteit van Wes-Kaapland, SA
Afstandswaarneming en multispektrale beelding vir plante en voedingsmiddele in die streke na die VN se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte	Paul Williams	Voedselwetenskap	Sweedse Universiteit vir Landbouwetenskappe, Swede; Universiteit van Malmö, Swede; Universiteit van Wes-Kaapland
Legitimiteitsdinamika, bestuurstelsels en hulpbronne vir snel verstedelike samelewings in Suid-Afrika	Josephine K. Musango	Ekonomie	Universiteit van Uppsala, Swede; Sweedse Universiteit vir Landbouwetenskappe, Swede
Vraaggedrewe evolusie van tradisionele insekvoedsel deur die konfigurasie van tradisionele ekologiese kennis	Thuli Madonsela	Regsgeleerdheid	Sweedse Universiteit vir Landbouwetenskappe; Universiteit van KwaZulu-Natal, SA; Universiteit van Stockholm, Swede
Die ontwikkeling van 'n enformatikaplatform	Carmen Swanepoel	Hematologiese Patologie	Sweedse Universiteit vir Landbouwetenskappe,

samewerkingsraamwerk vir biobanke en bio-informatika			Swede; Universiteit van Wes-Kaapland, SA; Karolinska-instituut, Swede
Kwantifisering van die bosluislading by beeste met behulp van kunsmatige intelligensie	Kennedy Dzama	Veekundige Wetenskappe	Sweedse Universiteit vir Landbouwetenskappe, Swede; Universiteit van die Witwatersrand, SA; Universiteit van Uppsala, Swede
M-gesondheidsintervensie vir die verspreiding van gesondheidsinligting na landelike en ekonomies benadeelde gemeenskappe	Linnea Stansert Katzen	Globale Gesondheid	Universiteit Wes, Swede; Walter Sisulu-universiteit, SA; Karolinska-instituut, Swede
Uitkomst van die Suid-Afrikaanse gesinsgerigte vroeë-intervensieprogram by die Carel du Toit-sentrum vir kinders met gehoorgestremdhede	Estelle Swart	Opvoedkundige Sielkunde	Universiteit van Örebro, Swede; Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie, SA; Universiteit van Uppsala, Swede